



KLYN BEGIN—ANHOU WIN

DEEL I, No. 11.]

JANNEWARI, 1897

[48. DE JAAR.

INHOUD.

NUWEJAARS WENS UIT DI VRYSTAAT

DI KONINGIN VAN SWAZI : Twee Prinsesse getrouwe en omgeruil.

HUWELIKELIJD

PRAATJIS OER DI NATUUR : Di Kool van di aarde

'N LES IN DI DIGKUNS

DI ROOSNOPPI

PORTEET VAN PAARDEKRAAL, MONUMENT

MYN EERSTE BESOEK AN STRAND

'N BRIEF 56 JAAR OUD

DIE STORTIS : 'n Lesing.—Hoe di Skulpale in di water gekom het.—Geboortenis met 4 one Dire wat al onbekwaam was om meer te werk.—Wolf deur Jakhals gefop

DI ONDEERSKYD TUSSEN BROES EN VIND : Di ver-liftnak van Dani en Kato

COM JAN EN DE

GERADIGE EN GEDURSAME VERHOUD

NI WELLAAR GUYA PER DI GENDERKINDO

DI AFWIKKELSE OER NOL, op Musiek.



M. Glassberg's
PHOTOGRAFISCHE ATELIER
 ic **Paarl en Worcester**

Markt Plein. Rooft Straat.

WAARBORGEN EERSTE KLASSE PORTRETTE TEGEN ZEER BILJARE
 PRIZEN
 OUDE PORTRETTE VERNIEUW EN VERGROOT TOT LEVENSBOOTE

SCHILDERIJLYSTEN

VAN EENIG FORMAAT WORDEN OP KORTE KENNISOEVING GEMAAKT.
 SPECIALITEIT: VERGROOTE PORTRETTE.
 ALLE WERK WORDT GEWAARBORGT EIGENHANDIG TE ZIJN.



KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL 1.]

ONS KLYNTJI, JANNEWARI 1897.

[No. 11.]

Inhoud.

NUWEJAARS WENS UIT DI VRYSTAAT	217
DI KONINGIN VAN SKEBA : Twe Prinsesse gebore en omgeruil	217
HUWELIKSLIID	223
PRAATJIS OER DI NATUUR : Di KORS van di aarde	223
'N LES IN DI DIGKUNS... ..	225
DI ROOSKNOPPI	227
PORTRET VAN PAARDEKBAAL MONUMENT	230
MYN EERSTE BESOEK AN STRAND	231
'N BRIEF 56 JAAR OUD	231
DIË STORIË : 'n Léeujag.—Hoe di Skulpaaie in di water gekom het.—Gebeurtenis met 4 oue Dire wat al onbekwaam was om meer te werk.—Wolf deur Jakhals gefop	232
DI ONDESKYD TUSSEN BEGIN EN YNDE : Di verliif-raak van Dani en Kato	236
OOM JAN EN EK	237
GRAPPIGE EN LEETSAME VERHALE	238
DI AFRIKAANSE BOERE NOOI, op Musiik	240

Dit wens ons jou ons almal saam,
Dit wens ons in des Heeren naam.
Ons wens jou peetooms en jou fa'er
Veel hyl oek op di nuwe jaar.

F. NESER.

Di Koningin fan Skeba,

OF

SALOMO SYN OUE GOUDFELDE IN SAMBESIA.

[HISTORISE ROMAN DEUR DS. S. J. DU TOIT.]

Di eerste Deel ferhaal hoe ons onder Simbabwe 'n rol ontdek, geskrywe deur Elihoref, Salomo syn gehym-skrywer en prins gemaal fan di Koningin fan Skeba, waarin megedeel word dat hy di geskiedenis fan di ryk beskrywe het en dat di beskrywing same met grote skatte ferberg is onder di berg Afoer by di rebalsemde lyke fan di Koninginne. Op anwysing fan di Molimo kry ons di berg ten noordweste fan Tati en onder di berg di grafkelders en lyke en oek 3 perkament rolle. Di tweede deel befat di inhoud fan di rolle en ons ferdere ontdekkings en befin-dings.

Di perkamentrolle is by plekke beskadig deur fogtig-hyd. Sofêr leesbaar begin dit met beskrywing fan di Paradys op di hoogland fan Afrika, onder di sonlyn, by di Maanberge en 3 Mere, waar di 4 ritte (di Nyl, di Niger, di Kongo, en di Sambesi) hulle oorsprong het—en hoe di eerste mense affallig geworde het en deur God gestraf is.—Di onderaardse kamer onder di berg blyk di afgrond af te beel; by di ingang is di sondefloed afgebeel en ferder boze geeste.

Klaas werd deur 'n Mamba-slang gebyt en deur Umsa-lomi genees met slanggif. Di afstammeling fan Gam kom na di Sondefloed terug na Afrika, en stig di ryke fan Egipte en Etiopië. Syn seun Hafila trek o'er di Sambesi na di Goudland, en syn seun Skeba stig hiir di ryk.

Hatasu, Koningin fan Egipte stuur di eerste skippe na di Goudland toe, 700 jare foor Salomo; sy maak 'n o'er-

Nuwejaarswens uit di Vrystaat.

Ons Klyntji, 'k wens jou veels geluk
Dat jy so fluks het op gedruk
En so manmoedig voortgestreef,
Dat jy di nuwe jaar beleef.
Ons is daoro'er net groot verheug,
Ja propfol is ons hart fan freug
Nou kan ons dit oek ni na laat
(Terwyl nuwejaar foor di deur staat),
Om jou ons wense toe te foeg
Word daarfoor tog so gou ni moeg:
Mog God jou dan syn segen geef,
Dat jy nog kan feel jare leef!
En mog Gods guns jou nooit ferlaat!
Groeï op tot hyl fan folk en staat.
Dan sal ons feel jare nog hiirna
Jou dankbaar op ons hande dra.

eenkoms dat di Konings fan Egipte ferder di Koninginne fan Skeba sal anstel, en laat alles afbeel in 'n tempel, di beskrywing en afbeeldings kom o'ereen met di aftekening hiir in di oue grafkelders.

Ons dokter ons ossa, gesond fan di taetse-vliig syn steek in 't slang-jif. Daarop lees ons uit di rol di geskiedenis fan Josef in Egipte, waaruit blyk dat di Koninjin fan Skeba 'n afstammeling fan Josef is.

TWEDE DEEL.

V. -- TWÉ PRINSESSE GEBORE EN OMGE- RUIL.

Di injang tot di Grafkelders bejafel. — Noj mear besware. — Di Priister-Konings in Egipte. — 'n Fees in di Stad fan di Son. — Forstelike liifdesgeheim. — Twé Prinsesse, toekomstige heldinne fan ons geskiedenis, word gebore en omgeruil.

DI nag het daar we'r 'n sware donderstorm met 'n geweldige reen losgebreek. Di follende oggend gaan ons weer almal an ons werk. Mar ni lank was Neef Gideon en Neef Hendrik weg na di grafkelders toe ni of hulle kom terug met di treurige berig, dat di opening di nag toegelaten het, deur dat 'n stuk fan di rots afgeskuiwe het, en dat dit 'n freselike werk sal wees om dit w'er ope te grawe.

Nou mar eers raad gehou. Dat di instorting te wyte is an di grote dinamietskoot waarmé ons di sware klipdeur laat stukkend skiit het, daarin kom almal o'ereen; want ons had barste en krake in di ro'se gesiin as gefolg daarfán; en toen di reens daarop kom het heel natuurlik di plek ingestort.

Mar wat nou gemaak? Henni syn plan was gou klaar: huistoe ry mar. "Wat sal ons ferder hiir in di gate inkruip nes klipsalmenders?" fraag hy. "Ons het mos nou di rolle. Di skatte kan ons ni kry ni; en wat sal ons maak met daar-di oue fersteende lyke? Hulle is nou goed besorg. Di grafkelders is nou weer toe. Ons laat oek nou mar fat."

"A né, Henni, so moet jy ni praat ni. Né, joag, ons moct eers di oue skatte uithaal; ons moet almal skatryk wees as ons teruggaan"—sé Neef Gideon weer op so'n half jillrige manier; want 'n mens weet nooit of hy spot en of hy 'n ding meen ni.

En Neef Hendrik fal toen éwe beslis en ernstig in: "Né, wat, ons maak di gat ope; dit sal ni so danig lank tyd neem ni; en ons het mos dinamiit en gereedschap. Binne 'n week tyd het ons di gat weer ope."

Om di saak fan alle kante te laat b'kyk, fraag ek toen. "Mar sal ons ni eers di kop noukeurig ondersoek an alle kante of ons ni altemit 'n andere opening kan kry ni; want di eerste rol wat ons by Simbabwe gekry het praat mos fan di derde grot. Altemit meen dit dat daar dri aparte openinge is."

"En wi wil dan di hélé b'rg gaan omgrawe om nog meer gate te seek? Ek ferfas ni"...fal Henni weer.

"Nou, Henni, dan weet ek 'n betere plan"—sé Neef Gideon weer,— "di gat bo is mos nog ope; dan laat ons fer jou en Neef Hendrik afsak met 'n tou fan bo af, en dan gaan julle ferder di grafkelders deursoek; want di skatte moet ons kry."

"Wi? Ekke? Moe ni glo-ni! Ek sal fer my so nooit as nooit laat afsak in di gate ni. En waar kry ons so 'n lange tou?"—was Henni syn beswaar.

"Di tou is niks; ons kan mar di sarime an makkaar knoop en di andere toue wat ons goed mé fan gemaak is an makkaar las"—sé Neef Hendrik. Mar Henni blyf halstarrig wyger; hy wil daar niks mé te doen hê ni; di toue sal breek; 'n mens sal seer kry as jy afsak en heen en weer swaai, ens. Yndelik sé etoën:

"Nou dan het ek nog 'n andere plan. Henni kan di pèrd neem en ry na di Boesmankraal toe en kry fan ons 'n half dosyn Boesmans of so om fer ons te help di gat ope grawe. Hiir is baing wild; ons kan hulle laat fet eet an di wildflees."

"Ja, Henni, dis di plan"—fal Neef Gideon in. "Kom, kerel, nou net sonder fersuim saal ons di pèrd op en jy ry."

"Né, ek sal dit so nooit doen ni! Denk julle dat ek sal fer my laat fermoor fan di Boesmans. Né, ek gaan ni; ek kan di goed hulle tongeklappery oek ni praat ni. Né, laat Klaas dan gaan; hy ken mo hulle taal."

Dit blyk toen dat Henni folstrek ni wou gaan. En tog was ons almal foor di plan om fan di Boesmans te kry om di gat te help ope maak. Dat di Boesmans kan en wil werk het ons an Tati gesiin gehoor. Di grote beswaar was mar, ons padwysers het fer ons ferseker dat hulle uit bygelooft ni o'er di "rifiir fan di dood" na di "berg fan di dood" me kom ni, en dit sal molik di rede wees dat hulle altemit sal wyger om hiir te kom werk.

Yndelik besluit ons om fer Klaas di follende oggend froeg te pèrd te stuur na di Boesmans toe, in 'n goeie party wildflees op di pèrd gepak fer 'n present. En as hulle ni wil toestem om tot by di kante te kom ni, dan moet hy mar perbeer om 'n stuk of mé te bring tot by di rifiir waar di twe padwysers omgedraai het, so dat ons dan self kan perbeer om met hulle te onderhandel en fer hulle om te praat. Hy moes eers perbeer om di twe padwysers te kry met hulle te praat; want hulle ken nou al fer ons.

Klaas is 'n stille klyne Koranna; hy praat amp ni. Toen ons fer hom di aand, toen hy met di oer uit di feld uit kom, ons plan medeel, had hy 'n andere beswaar, waar ons ni an gedenk het ni. I ferseker ons dat di bygelowighyd fan di Boesmans om ni o'er di rifiir en naby di kop te kom ni, di rede is dat ons so fylig en ongestoord hiir kan bly; andersou di Boesmans al lank geperbeer hê om ons osse steel en altemit oek 'n anfal op ons gemaak hê. Ferder fertel hy fer ons, dat hy nog nooit met di o'er kant di rifiir gaan wy het ni; mar hy het al emale tot naby di rifiir gewy en hy het gewaar dat

Boesmans fer ons oppas by di rifir. 'n Paar male het hy spioene daar gesiin. Mar, hy self was ni bang om te gaan ni.

Dit ge di saak toen 'n andere ansiin. Tog besluit ons om dit mar deur te sit en fer Klaas di follende oggend vroeg te stuur, sodat hy di aand weer kan terug wees.

Intussen sou ek mar angaan met myn fertaling, terwyl Neef Gideon, Neef Hendrik, en Henni mar sou begin met te perbeer om di gat ope te maak; want ons grashuise en kraal was al klaar; sodat alle bande nou an di opening fan di ingang kon gebruik worde.

Foor ek begin te fertaal gaan ek eers saam om te bekyk hoe di instorting lyk en same raad te hou wat di beste plan sou wees om dit ope te kry. Ons was dit almal eens dat dit 'n grote werk sou wees, want 'n grote stuk fan di rots het ingeskuiwe; en dan sal ons weer dinamiet moet gebruik om di rotse stukkend te spring, en daardeur kon ons molik nuwe instortings ferroorsaak.

Tog besluit ons om mar an te gaan en te siin hoe ons forder, hoewel Henni mar bra onwillig was en gedurig nog pruttel.

Di dag het ons egter ni feul gedoen ni. Ek gaan an met fertaalen Neef Hendrik en Henni het gaan jag, an dis hulle geluk om 'n baster-eland koei te skiiit, wat ons op 'n slé moes laatansleep, en toen moes slag om lekker flys fer di Boesmans te stuur. Di follende oggend vroeg ry Klaas dan oek tepérd na di Boesmans toe met 'n goeie party flys, en gewapend met syn dubbele loep ha'l-geweer en 'n rewolwer. Di andere 3 gaan nou ernstig begin an di opruiming fan di ingestorte grond en klippe, ek bly alleen by di wa om fort te gaan met di fertaling, en Umsalomi kyk na di beeste.

Di aand kom. Di 3 frinde kom fan di werk af. Di son is onder. Dit word donker Umsalomi kom ni nit met di osse ni. Fan Klaas oek gen taal of tyding ni.

Dit was 'n treurige aand. Dit kan di leser self wel begryp. Ons maak 'n stukki kos, mar gen een eet lekker ni. Ons perber elke maal om te gesels, mar telkens draai di gesprek mar op feronderstellings en frage: Waar sou Umsalomi nou wees met di osse?—Sou hy nou straks met osse en al weggeloop hé na di Boesmans toe?—En Klaas?—Dis mos ni te fér na di Boesmankraal toe ui. Hy kon maklik in 'n dag heen en terug ry, as hom niks o'ergekom is ni. Sou di Boesmans hom ni straks fermoor hé ni? Eus.

En soos dit onder t'enspoed gaan, 'n mens het mar altyd selfferwyt en eer jy dit weet begin jy makkaar te ferwyt. Henni was natuurlik di eerste. "Ek het mos fer julle gesé, laat ons huistoe gaan fan di frotsige ge plek af...Daar is di frotsige Kaffer nou weg met ons osse...En di Boesmans het net seker fer Klaas fermoor en ons p'erd gefat oek. En hiir sit ons nou fér in di eensame feld," ens, ens.

Mar ons wil di leser liwers ni fermoei met di onangename gesprekke ni, mar doen soos ons di sand gedoen het. Ek sé toen naderhand: "Nouwel, ons kan di dinge tog ni reg huil ni, laat ek nu mar fer aflyding fer julle forkes wat ek nou di twe dage fertaal het." Dit werd goed gekeur. Ek deel hulle mé, dat ek nou met di twe 'e rol begin het, waarfan di eerste gedeelte oek beskuldig is deur di fogtige lng en dus onleesbaar is, sodat ek mar begin het waarfandaan ek kon lees. Ek lees toen soos folg:—

* * * * *
* * * * *

Herhor was in di dage Hogepriister fan Amun an Tébe, waar di Ramesside forstehuis hulle regeringssetel had. Di priisters had fan di vroegste tijde af buing infloed en grondbesit in Mitsra'im [Egipte], en di mag is altyd toegeneem, totdat Herhor naderhand bij syn Hogepriisterskap di troon beklim en di regering begin fan di priisterkonings, wat uit di afstammeling fan Josef was. Naderhand het hy syn seun Piansk Hogepriister gemaak in syn plaas, en di afstammeling fan di forige forstehuis het hy ferban na di grote Oase. So was di lange stryd tussen priisters en koningsyndelik geyndig in folkome o'ermag fan di priisters, sonder enige bloedf'giting. Herhor het to n weer di setel fan di regering ferplaas fan Tébe af na Soan of Tanis, waar dit in di dage fan Josef was, en waar n g altyd 'n b folking fan Hebreers was, want dit het oek di naaste gelé an Filistia [Palestina]. Hiir was di setel fan geleerdhyd fan Mitsra'im in di dage. Soan was di "Boekstad" hiir nes Kirjat-Sef-r in Kanaan. Mar in di dage fan Pinetem, klynseun fan Herhor, begin di afstammeling fan di forige forstehuis, di Ramesside, weer infloed te kry onder di folk en na di kroon te staan; daarom het hy 'n prinses uit di forstelike famili fer frou geneem. Mar in plaas fan syn koninkryk daardeur te befestig, het sy haar infloed an di hof gebruik om haar fader syn huis weer op di troon te kry. Daarto werd feral di inwoners fan Tébe opstandig gemaak, omdat di priister-forste di setel fan di regering ferplaas het. Di ontfredenhud was naderhand so groot dat Pinetem syn seun Ramen-Kepr, wat toen Hogepriister was fan di tempel fan Amun, stuur na Tébe, en hy het almal wat an di opstand deelgehad het laat dood maak.

Kort daarna werd Me i-Kepr-ra koning en trou met 'n prinses uit di geslag fan Seti, genoem Hesi-em-

Kheb, om syn troon nog meer te bevestig. In syn dage was David koning, eers an Hebron, wat naby Sean was, en later an Jerusala'im, en het syn koninkryk uitgebrey fan di grense fan Mitsra'im [Egipte] tot an Frat, en 'n grote handel werd toen gedrywe tussen di twe lande.

En Pi etem, di oudste seun fan Men Kepr-ra, di kroonprins, was ferloof an Osifra, 'n prinses uit di hogepriisterlike geslag, afstammeling fan Josef, Mar syn fader d'wing dat hy moes trou met Ramaka, 'n prinses uit di forstelike geslag fan di Rames'de, soos hy geloen het, om syn troon nog meer te bevestig. Mar Pinetem hal fer Osifra liif met syn ganse siil en sy fer hom netso.

En follens di wette fan Mitsra'im kon di koning befeel widi wettige frou fan di troonopfolger moes wees mar later as hy koning is kon hy self meer froue neem. Mar in di stilte blyf Pinetem syn hart an Osifra geheg, en in di gehym besoek hy haar gedurig.

En Osifra en haar fader was uitgestudeer en slim in al di gehyme kunste en wetenskappe fan Mitsra'im, s dat hulle fer Pinetem heeltetal onder hulle mag en invloed had.

En di dage werd f'rful dat Pinetem moes trou met Ramaka, nidi fees fan di fiirde maand [Oktober]. En follens gebruik, as di Hogepriister di off'rande fan di koning en di hele koninklike hnis offer, dan is di koning met syn hele famili teenwoordig in di tempel fan Amun, en dan sing een fan di mooiste maagde uit di priisterlike geslag di feesliid, en sing sy na di hart fan di koning, dan is di beloning dat hy fer haar self tot frou neem of an di Kroonprins gé.

En Osifra was di blom onder al di dogters fan Mitsra'im Di mooiste liid, met di heerliks'e musiek het haar fader en di priisters fer haar laat maak. Di laatste hoop fan Pinetem en Osifra was nou nog, dat di koning op di fees 'n welgefalle an haar sou neem, en haar an hom as kroonprins sou gé.

In haar witte gewaad, helder en frindelik soos di morgester, tré sy di tempel in, gefolg deur haar stoet fan priisterlike dogters, almal omkrans met blomme. Opgetoge was priisterskaar en koningshuis toen sy statig inkom met haar gefolg. Sy buig sig drimaal

foor Amun, en hef haar liid an, wat in soetfloeiende tone wegsmelt deur di sale en gewelwe, terwijl di koor fan maagde telkens di tone herhaal. En dit was haar liid :—

Ontwaak, Soan, stad fan di Son !

Ontwaak, sing di lof fan Amun Ra,

Befoorregte bo al di stede !

Ontwaak fiir di fees fan di fiirde maand !

Soan is skoon, sy is life'ik.

Niks is gelyk an haar onder di stede,

Ni's onder di monumente fan Tébe.

Hiir woon di gehym fan di lewenslus.

Amun-Ra ferspry hiir al syn gawe.

Haar felde is 'n paradys, soos di land fan Punt ;

Haar poele wemel fan fis, haar plase fan eende ;

Haar felde is 'n tapyt fan gras en blomme ;

Haar tuine het di geur fan heuning ;

Haar wyfeld is o'erspry fan fetti rhyd en dou ;

Haar graanskura is fol koorn en gars ;

Groentes en frugte ferful haar tuine ;

Blomme omkrans haar lustige woninge ;

Limoene, si'ers en fyge laat di bome buig ;

Soet-wyn, g'meng met henning, floei mildelik.

Di meer fan Har-fra is hiir,

Wat haar spyse sout met natro.

Dageliks gaan en kom haar skippe,

Belaai met foelisel en rykdomme.

Hiir het f'рмаak syn setel gestig ;

Hiir word di woord ' gebrek ' ni geken ni ;

Di geringe is so gelukkig as di ryke

Ontwaak, dogter fan di Son ontwaak !

Tr k jou feesgewaad an, f' g farse blo ukraine !

Sing ter ere fan Amun-ra.

Gegroet ! Ra ! Heer fan di Wet,

M ester fan di Gode, bron fan di lig !

Uw troon is ferborge, tog straal faudaar di lig nit.

Op uw woord ontstaan di Gode

Gegroet ! Atmu [Lig] ! Maker fan di sterfeling

Hoorder fan di gebede fan di ferdrukte !

G adig o'er almal wat U anro p !

F loss r fan 'i befreesde nit di hond fan di sterke !

Regter tussen di sterke en swakke !

o' Enig ! S'opper fan alle dine !

Di me s kom fort uit uw twe ore ;

Di G. de ontstaan uit di adem fan uw mond.

U maak di groene kruie fer di fé,
 E di spyse fer di mensekinders.
 U laat di fis swem in di rifire,
 Di vogels flig in di lug.
 G. groet, Maker fan al di dinge, ô Enige!
 Alle mense anbid en loof U,
 Om uw woning on ler ons,
 Om 'at U ons gemaak het.
 Alle skepsels prys U, alle lande loof U.
 Fan di hoogt: fan di lug tot di breedte fan di aar le
 E: di diipste fan di sé is uw lof,
 ô Hoogte fan liifde, wat di poorte fan di hemel open!
 Ontfag di nederige liid fan uw diinsmaaz,
 'n Ryne le i, fortspruitende uit de Leli fan di Lig;
 'n Ryne sonnestraal, uitstralende nit di Bron fan di Lig;
 'n Ryne ster, fonkelende met 'n straal fan di Eenige
 Sk ontyd.
 Ek breng di boodskappe fan di hemel,
 Horus [di Eenige Son] straal daarin uit.



Vegroet, Seun fan di Son, lewende Horus!
 Uw majestyd is di goeie God,
 Di grote God, gelyk an di Son-God,
 Mar stralende met nog sagter glans.
 Alle inwoners fan Mitsra'im leef deur uw guns.
 Toen ik U siin was ek ferskrik;
 Myn lippe beef, myn tong was lam;
 Myn hart beswyk, ek was as dood.
 Mar uw guns maak my lewen lig;
 U is weldadig en genadig soos di son.
 Uw hart ken en ferful alle wense;
 Uw guns maak dag fan di nag.
 Op uw woorl stroom water uit di rotse;
 U is gelyk an di God Ra in fermoge;
 Gelyk an di Gol Kefra in krag.
 Waarlik, U is di lewendige beeld fan uw Vader Tum;
 Al uw wörde word dageliks ferfuld.
 Ontwaak, Soan, dogter fan di Son!
 Sing di lof fan di Soan fan di Son!
 O'er Soan gaan di Son nooit onder!
 Di Sun fan di Son lef in eenighyd!

Toen di liid klaar was ryk di koning haar syn goue
 spter toe. Met ballige swiir kniel sy en roer met
 di punt fan di foerfinger fan haar regterhand di septer

an. Daarop fertrek sy met haar stoet fan maagde,
 en bewonderend kyk heel Soan haar na.

Sy had dus genade gekry in de oge fan di Koning,
 en di follende dag sou hy follens gebruik, fer haat laat
 we t, of hy haar gé as forstelike frou an syn seun, di
 Kroonprins, dan of hy fer haar bege r as een fan syn
 yge frouens.

Di follende aand sou di kroonprins Pinetem fer
 haar besoek, follens afspraak. Sy en haar fader en di
 priesters had al di gehyme fan minn'rye en bedwel-
 mi ge fan liifkosings fooraf klaar gemaak. Toen hy
 daar kom ferhaal sy hom dat di Koning hulle wens
 gehoor en haar an hom tot frou gegé het, en dat sy 'n
 maand uitstel gefra het om haar klaar te maak. Mar
 dit was onwaar, di koning had haar 'n maand tyd gegé
 om haar toe te bery as syn yge frou. Na 'n nag fan
 beswyming in liifkosing fertel sy hom di follende dag
 di waarhyd en smEEK om 'n maand uitstel en gehym-
 houding, dan sou sy hom haar beslissing medeel.

En foor di maand om was nooi sy fer hom weer en
 deel hom toen haar besluit mé, ja, sy open haar hele
 hart fer hom.

“Pinetem! myn liifde is fer jou, fer jou alleen.
 Mar ek mag di gebod fan di koning ni wyger ni.
 Ek tog kan en sal ek nooit di frou worde fan di man
 nit wi di seun fortgekom is wi syn liifde ek gesmaak
 het. Pinetem, ons liifde was ni onfrugbaar ni. En
 nou staan daar fer my, fer jou, fer ons alby, net twe
 wege ope. Di eerste is: di dood. Daar is 'n dolk,
 neem dit self, deursteeek my en dood meten di foor-
 werp en di frug fan jou liifde. Jy huiwer...So ni,
 dan is daar nog een weg ope. O'er 7 dage trou jy
 met Ramaka en ferful di wens fan jou fader, en op
 diselfde dag word ek priesteres fan Past, di Godin fan
 di kuishyd, om nooit weer di liifde fan enige man te
 geniit ni.

“Mar hiirby het ek een ys, en as jy daaran ni fol-
 doen ni, dan neem ek self di dolk en deursteeek my
 f or jou oge. Sal jy daaran foldoen, of ni?”

“Osifra! fraag wat jy wil; as dit net iits is wat
 'n mens kan doen, dan sal dit geskide.”

“Pinetem, wat ek fraag is ni alleen donlik ni,
 mar dis reg, dis billik. Ek ys di eersgeboortereg fan
 ons liifde. Gaan trou met Ramaka op diselfde dag
 as ek my wy an di Godin fan di kuishyd. Mar myn

liifde, né *ons* liifde is di eerste, en daarom ys ek di eersgeboortereg fer di frug daarfan. Pineteen, jy sal op di troon fan di Farao's sit en jou eersgeborene za jou. Mar Ramaka haar kind sal jou eersgeborene ni wees ni. Di Gode het ons liifde belet, mar di Gode het behage in reg en geregtigheid. Myn eniggeborene sal omgeruil worde fer di eersgeborene fan Ramaka; di frug fan ons liifde sal alle regte geniit wat an jou eersgeborene toekom; en haar eersgeborene sal deur di priisters opgefoed worde; as dit 'n seun is, word hy 'n priister, of s-lfs hogepriister; en as dit 'n dogter is, word sy weggestuur as Kotingin fan di land fan Punt (Skeba). Daar is lou myn ys, en hiir is di dolk; wat is jou antwoord?".....

"Jou wens sal geskide."

Ag maande daarna 'werd in di stilte en gehym 'n dogtertji gebore, in di skoot fan di priisteres Osifra; en 'n maand daarna met grote ophef en freugde 'n prinsessi gebore an di hof fan di kroonprins. Di twe kindertjiis werd in di stilte omgeruil, en word later twe hoofpersone in di geskiedenis wat ons beskrywe.

~~~~~

Huwelikslid.

BRUID.

Faar dan wel, myn broers en susters!
 myn ouers, hoe ik jul ok min,
 Tog moet ik jul nou "faarwel" sê;
 want 'k gaan di wye wêreld in.
 O! firgeet my ni! Myn hart wil breek
 en ik foel geheel ontroer.
 Ik word firskrik, gejaag, beklemd,
 nou ik fir jille word ontfoer.
 Hoe storm dit in myn binnenste;
 myn arme siil is gans firward;
 'n Oorlog woed met woest geweld
 in myn beswaard en brekend hart.
 Firwagting en bekommernis
 firteer my laat my bitter ly;
 Hulle is my nes twé fyande,
 wat om di owerwinning stry.
 Ik word gekwel fan hoop en frees;
 di slaap wyk fan myn o'e 's nags;
 Met dolk en sawel fal hul an,
 en gun myn hart gen rus by dags.
 Eén enkel frind net het ik nog,
 wat my soms in di wréde stryd
 Te hulp kom met syn wonderkrag,
 en myn firmoeide hart ferblyd:
 Dit is di liifde, wat sig dan

by hoop en bly firwagting sluit,
 Waardeur bekommernis en frees
 dan word firdrywe fir 'n tyd;
 Mar liifde, altyd sag fan aard,
 maak nooit di skrik en frése dood;
 En so kom hul gedurig weér
 met magte dubbel sterk en groot.

'k Was foorheen fylig, fry en bly,
 het altyd halwe rus geniit;
 Nooit het ik sulk gewaarwordings
 geken; en ok ni so'n ferdriit.
 Nou ik 'n nuwe léwe kiis
 foel ik myself ...ik weet ni hoe
 Miskiin nes Eva, toen s' fan di
 firbode frugte het geproe.
 Ik is foortaan slafin fan Himen;
 ik het my an syn ryk firbind;
 Natuur het my daartoe gedwing,
 en wi weet hoe 's hy my gesind?
 Mog nou tog mar myn metgesel,
 wat ik gekiis het om te saam
 Met my in Himens tronk te gaan
 fir my getrou bly in Gods naam.

Mar, o! as hy my moes firlaat,
 wat fir hom ni onmolik is,
 Dan moet ik fan firdriit firgaan,
 en fan wanhoop, dit is gewis.
 En, og! hoe anstig klop myn hart!
 wanneer ik somtyds dink daaraan
 Hoe dit met menig jonge paar
 al dikwils treurig het gegaan.
 Hoe menig paar begin di rys
 fol freugde, blydschap, hoop, en bly.
 Mar net om na 'n korte tyd
 'n bitter lot op aard te kry.
 Dink ik dat dit ok so kan gaan
 met my en met myn medgesel,
 Terwyl ik onder hom moet staan,
 ag kyk! dan kry ik hoenderfel!

BRUIDEGOM,

Mar liifste! ons is immers één.
 net één fan hart en één fan sin;
 Saam gesmelt deur di warme gloed
 fan suiwere liifde en min.
 Ons is an makkaar ferbonde
 met 'n onfirbreekbre hand,
 Ja, wi sal ooit so 'n band ferbreek,
 geknoop deur God se y'e band?
 Wi dit mag doen, di is gen mens,
 né, selfs gen redelose diir,
 Mar een afgryslík monster, hy,
 beroofd fan eer, gefoel, plesiiir.
 Syn eed, dit blyk nou, is bedrog;
 is onsin, laster, en ferraad;
 Hy spot met Gods wet, en firfoek
 d' opreghyd en plig fan syn daad

Hy 't gen begrip, hy 't gen besef
fan syn roeping as 'n man.
Ek het 'n walg in so 'n fent
firmy hom ok so feul ik kan,
Di mens alleen is onfolmaak,
daarom is di twé same één
Oms is in lyde, freug en smart,
één hart, een siil, in alles één.
Al het ik fan di god'likhyd
mar self 'n rege flou begrip,
Tog siin ik soms 'n floue straal
daarfan in myn ferbeelding glip ;
Mar daaruit weet ik reeds myn plig ;
en de liifde maak ons same sterk ;
Ik hoop jou altyd te beskerm,
jou liif te hé, fir jou te werk.

Ik as di growwer deel fan ons,
moet fir jou waak, dit is myn plig ;
Jy sterk my, as di kosbre deel,
so word di huw'liks pad ons lig.
Elke mens is sonder twéde
net mar half en onfolmaak,
Eers moet di déle saam gefoeg word
om di hele mens te maak ;
Waar altwé di gehym mar weet
en altwé dit getrou betrag,
Daar kan hul op hul léwenspad
ok altyd feul geluk firwag.
Di beste, met 'n bly gemoed
te hoop, is al wat ons kan doen,
En al di frinde s' wense te
firsegel met 'n lekker soen !

M. H. NESER.

Pratijs o'er di Natuur.

DI KORS FAN DI AARDE.

DIT is reeds bekend dat di aardbol warmer worde hoe diper 'n mens in syn binnenste indring. Dit kan idereen jul fertel wat in myne gewerk het, of dipe putte geboor het. Di vermeerdering fan hitte is ni o'erals diselfde ni. Gemiddeld rys di hitte één graad (op Fahrenheit syn termometer) elke 50 of 60 foet daling.

Oms behof dus ni feule myle af te daal ni, foorat ons 'n hitte kryg, groot genoeg om op di opperflakte fan di aarde enige bekende foorwerp te smelt wat kan smelt.

Dit het di geleerde tot di gefolgtrekking gebring dat di binnenste fan di aardbol bestaan uit floeibare stof, waarom di opperflakte sluit nes 'n harde kors of skil. Later is di gedagte opgegé. Di grote beswaar wat di sterrekundige teun di ferklaring het is, dat as di binnenste fan di aarde floeibaar

is, dan sou di antrekkingskrag fan di son en di maan di opperflakte laat bewege nes 'n golf wat 'n mens sal kan bespeur.

Mar hul sê dit is ok ni nodig ni, om te feronderstel dat di binnenste fan di aarde floeibaar is ni. Dit is wel bekend dat dinge wat kan smelt meer hitte nodig het om te smelt onder 'n drukking as wanneer daar niks op hul druk ni. So kan dit wel wees dat di binnenste fan di aarde banje warm is, sonder dat dit floeibaar is, wegens di grote drukking fan di gewig fan di buitenste kors. Di kors fan di aarde is so onbewegelik, dat dit omtrent halfpad na binnetoe fas moet wees.

Mar hoe ferklar 'n mens dan diwerking fan fuurspuwende berge, wat strome fan floeibare stof, *lava* genoem, uitbraak ? Wel, di gedagte is dat di binnenste fan di aarde di gedaante het fan 'n heuningkoek, met grote holtes waarin, hier en daar, mére fan gesmelte stof bestaan. As ons dus nou sprek fan *di kors fan di aarde*, dan bedoel ons net di faste opperflakte fan di aarde, (met inbegryp fan droge land en di floer fan di sé) so fêr na onder as dit bekend is.

Waaruit bestaan di aardkors ? Di Geoloog (d.i. aardkundige) sê uit *rots*. Mar wat hy deur *rots* bedoel bevat feul meer as wat ons daarmé bedoel. As ons praat fan *rots* dink ons gewoonlik net an klip, mar di geoloog bedoel deur *rots* al di materiaal, hard en sag, waaruit di aard kors bestaan, so as lage kly, angespeelde sand, dryfsant en self turf. Dit alles noem hy *rots*, sowel as sandsteen en graniit.

Outhou dus dat, as ons nou fan *rots* spreek, dan meen ons dit in di sin fan di geoloog.

Di aardkors bestaan dus uit *rots*.

Rots is fan dri soorte, na di dri ferskillende manire waarop dit ontstaan is.

Di *eerste* soort van *rots* befat al di lage fan di aardkors wat ontstaan het deur *anspoeling*, soos sandsteen, sandlage, ens.

Di *tweede* soort word't genoem *organise* *rots*.

Di soort *rots* bestaan uit di o'erblyfsels of geraamtes fan plante en dire.

Di *derde* soort is ontstaan deur di werking fan fuur.

Oms moet di dri soorte 'n bitji nader ferklar.

(1) *Rotse ontstaan deur di werking fan water, dus deur anspoeling fan sand.*

Dit gebeur dikwils dat 'n meer of 'n dam toespoel deur klippiis, sant en modder wat di strome water daar in spoel.

As 'n mens 'n dipe foor of sloot grawe deur di lage fan afsaksel en di kante fan di sloot goed beskou, en dit dan fergelyk met di lage fan klippiissteen, sandsteen en lysteem, wat 'n mens siin in di wande van 'n steengroef of fan 'n spoorweg "cutting" (loopgang gegrawe deur 'n koppil of

'n berg), dan kan 'n mens ni tot 'n ander besluit kom ni as dat di materiaal waaruit di harde rotse geform is ontstaan is deur afsaksel fan water, op diselfde wyse as di bedding fan 'n ferspoelde dam deur di water daar neergeleg is.

Party rotse lyk mos net of 'n mens 'n deeg gebak het fan ronde klippiis met modder. Nou as 'n mens di klippiis uitbreek en beskou, dan kan 'n mens duidelik siin dat hul so rond gerol en geslyt was in di water. Sels an di fyne, witte, sagte sandsteen, waarvan ons slypstene maak, kan 'n mens ok di werking fan water opmerk. Gaan bekyk 'n sandbank in di rifir en dan siin jy dat di water so fêr as hy sak riffsis maak in di fyn sand of modder. Nou jul het tog seker banje sandklippe opgetel wat diselfde riffsis op hul het. Dis mos 'n duidelike bewys, dat di gerifte sandklippe o'ergeblywe stukke is fan 'n froe'ere sandbank.

Mar hoe kom di klippiis en di sandsteentjiis dan fas anmakaar? Wel, daar is 'n soort fan kalk of sementstof in di water, wat di steentjiis anmakaar lym, soos hul fas sak. So word di een laag saksel op di ander geleg deur di water en deur di drukking fan di bowenste lage word di onderste lage langzaam feränder in steen of klip.

(2) Organise Rotse.

Sandsteen of gruisrotse bevat dikwils fersteende dire of plante, of o'erblyfsels daarfan. So kryg 'n mens versteende fisse, of bene, of tande, ens. te siin. As jul na di Museum fan Kaapstad of Bloemfontein gaan kan jul banje sulke fersteende goed siin. Dit word genoem *fossile*. Dit is stukke fan plante en dire, wat in di lage fan afsaksel eenmaal fagespoel het en toen fersteen het. Mar wat nog wonderliker is, daar is grote lage rotse, wat puur uit niks anders bestaan as di o'erblyfsels fan dire en plante. Sulke rotse word genoem *organise rotse*, juis omdat hulle bestaan uit di organisme of liggame of liggaamsdële fan dire en plante.

Di gewoonste foorbeeld fan sulke rotse is *kalkrotse*, wat jul al dikwils gesiin het. Fat 'n bitji kalk en set dit onder 'n goeie mikroskoop of fergrootglas, dan sal jul siin dat di kalk bestaan uit 'n duisternis van klyne skulpiis. Hiermé gemeng is stukkiis fan groter skulpe, korale en ander organise stoffe. Dit bewys dat organise rotslage geform is onder in di sé.

Di werk gaan nog dageliks fort in di sé. As di loodlyn afgelaat worde tot op di bodem fan di sé dan bring dit gewoonlik stukke op fan 'n slymagtige stof, wat net uit diselfde bestanddële bestaan as kalk. Di water fan di sé naby di oppervlakte wemel fan lewende klyne diirtjes. As di diirtjes dood gaan, dan sak hul o'erblyfsels op di bodem. So word lage geleg op di bodem fan di sé wat na ferloop van eeue di kalkrotse uitmaak fan toekomstige lande of ylande.

Di *koraal-rotse* is ok ontstaan fan di geraamtes fan dire. Wat ons noem "koraal" is di slymagtige geraamte van 'n klyne diirtji. Hul léwe net in water fan 66 grade (Fahrenheit) warmte en ni diper ni as 100 foet in di séwater. Di diirtjis word mees gekry in de Stille Oseaan en di Indise Oseaan.

Miljoene fan hul groei saam en so sak hul o'erblyfsels na benede en form grote lage fan harde rots, waarvan party honderde fan foete dik is en duisend myl lank.

Op di manir ontstaan di pragtige koraal ylande in di middel fan di oseaan. Hul het gewoonlik di gedaante fan 'n kom of 'dam fan brede walle met water in di binnekant. Sodra di walle fan koraal di opperflakte fan di water beryk, dan spoel di water sand en slyk en andere dinge daarop fas fan di faste land; so ontstaan daar 'n grondlaag op di koraal walle. Dan waai di wind satjiis o'er fan allerande plante fan di naaste faste land en so kom daar plante op di yland. Fele fan di ylande is bewoond. Sommige fan di ronde ylande het 'n mooie opening in di wal, wat diin fir 'n kanaal waardeur sels skippe gaan na di meer binnekant.

Dan is daar nog 'n ander soort koraalrotse, wat in stroke loop al langs di kus fan 'n land. So loop daar 'n strook fan koraal ylande al langs di ooskus fan Australië.

Steenkool is ok 'n belangrike organise rots. Mar steenkool is di o'erblyfsels ni fan dire ni, mar fan plante. As kool skykundig ontleed worde, dan blyk dit, dat dit net diselfde bestanddele het as hout of turf. Hoe word di koollage geform?

Wel, dit moet wees dat, waar di koollage nou is, daar in oue tye 'n grote, dikke, ruige woud was. Deur een of ander oorsaak werd di woud o'erstroom deur 'n floed fan water en begrawe onder lage fan sand en modder, soms honderde foete diip. Dit kan ok wees dat deur 'n aardbeving of so di woud weggesak het, en toen begrawe is onder modderlage, wat in sandsteen ferander is. Op di wys is di o'erblyfsels fan di woud same met sand en slyktesame gepers tot lage, wat naderhand fersteen is. Hul sê dat di bodem waar di koollage op rus dikwils duidelike tékens het, dat dit froeger di opperflakte was fan 'n feld, waarop 'n grote, ruige woud gegroei het. Wat ons noem *turf* word sommar in di feld uitgesteek net soos miskoeke in 'n kraal. Turf is graslage wat opmakaar gedruk is en hard geworde is. Dit word in koekiis gesteek en gebrand in Holland.

(3) Rotse geform deur Fuur.

Fan di soort is *lawa* di beste foorbeeld. As 'n fuurspuwende berg and' werk is, dan braak hy 'n stroom fan gesmelte stof uit. Dit word genoem "lawa." Di stroom ferander naderhand in

harde rots. Stroke fan sulke lawarotse kryg 'n mens selfs op plekke waar daar nou ni meer fulkanise werking is ni. Op party plekke lyk dit of di lawa gestroom het fan skeure in lage fan sandrotse. Daar is ferskillende soorte fan lawarotse. Byv. *Basalt* kryg 'n mens altyd in kolomme gesplits, feroorsaak deur sametrekking in di afkoeling. *Granit*-rots is ok ontstaan deur fuur. Al di rotse deur fuur ontstaan is kristalagtig, soos *granit*. Hul lyk nes klyn kristalletjies wat anmaakbaar fas sit, soos stukke sout. Andere rotse, nam. sandsteen en organise rotse is ni kristalagtig ni.

~~~~~  
 'n Lessi in di Digkunde.  
 ~~~~~

MYN frinde, feral myn jonge frinde, maak nou gedigte dat dit so kraak. Daar is al 'n hele pak opgehoop wat ni kan in ni. Waarom? gedeeltelik omdat daar min plek is, want ek kan tog ni net gedigte kom opse as ek by myn frinde kom kuier ni. Dis egter ni di grootste rede ni. *Goeie* gedigte sal ek seker gaan opse an al myn frinde, want ek hou self daarfan. Mar weet julle hoe is party gedigte? Dit kan julle sien nit wat ek nou fertel. Ds. Huet was 'n goeie digter. Een keer breng 'n vrou 'n gedig by hom, en fra hy moet dit tog ferbeter. Hy het dit 'n bitji ingekyk en gé dit an haar terug met di antwoord: "*Dis onferbeterlik.*" Daarop gaan sy orals rond spog, dat haar gedig so *goed* is dat Ds. Huet dit ni kon ferbeter ni. Mar hy het net di omgekeerde bedoel, namelijk: dis onferbeterlik *sleg*.

Nou tot ons spyt moet ons sé dat baing gedigte wat ons ontfang oek op di manier "onferbeterlik" is. As di spelling ferkeerd is kan ons dit maklik reg maak. Mar di foute sit meesal juis in di twe dinge waar 'n mens, as jy 'n gedig wil maak, op moet let, namelijk *maat* en *rym*. En dis tog so eenfoudig. As di lesers nou net daarop wil let, dan sal hulle voorkom dat myn arme pa so baing daaran moet sukkel, dikwils dit moet o'erskrywe, met meer tydferliis as 'n nuwe te maak, en dan nog yndelik in di snippermantji moet goi as "onferbeterlik." En di reels is tog so eenfoudig en maklik as elkeen wat as digter wil optré tog daarop wil let. Dit word angegé in di "Eerste Beginsels fan di Afrikaanse Taal." Kyk nou, wi kan di reeltjies ni onthou ni? Dis amper onmolik om dit te lees sonder dit te onthou!

1. Hiir moet ons oplet op 2 dinge: *maat* en *rym*.
2. Di *maat* wys an di lengte fan di afdelings of foete fan fers-regels.
3. Di regels kan 1, 2, 3 of meer aldelings of foete hé.

4. Elke afdeling of foet het 2 of 3 sillabes.
5. In elke afdeling of foet moet een sillabe di *aksent* (1) of klemtoon hé, waar di nadruk op fal as 'n mens lees. (Dit word ni altyd bygeskrywe ni, ons set dit mar hiir in di foorbeelde om te laat sien wat ons meen).

6. Di aksent kan fal op di *eerste* sillabe fan elke foet, soos in di follende fers, (uit No. 2, fan O.K.):—

Já, myn | bóettiis, | liif en | *góed*,
 Julle | sússi | léef mos | *nóu*.
 Sy is | julle | flées en | *blóed*,
 Haar be | ginsels | steeds ge | *tróu*.

N.B.! Di rymwoorde is skuins gedruk; hiir rym al-om-di-ander regel, mar di regels kan oek twe-twe op makkaar rym. Hiir is di regels almal éwe lank, mar dit kan oek ferander, soos uit latere foorbeelde blyk.

7. Di aksent kan oek op di *twéde* sillabe fan elke foet fal, soos in di follende fers (uit O.K. No. 2):—

Ek is | 'n ár | me bóe | *renóu*,
 By fé | le min | *gedó*;
 Mar tóg | is ék | fan é | del *blóed*
 En fán | 'n hoog | *gestlóg*.

N.B.! Hiir is nou di twéde en fiirde regel 'n foet korter as di eerste en derde. In di laaste fers is al di foete fol, en in di forige ontbreek an di laaste foet 'n sillabe.

8. As di aksent op di laaste lettergreep fan 'n regel fal, en di laaste lettergrepe dus rym, dan noem ons dit 'n *staande* rym, mar partykeer rym di foorlaaste lettergrepe, dan noem ons dit 'n *slepende* rym. Di twe kan oek afwissel, soos in di follende fers (uit No. 2 fan O.K.):—

Dank, Bóe | tiis | fér | di *wén* | se
 Fer my | en fér | *Mamá*,
 En oék | fer ál | di *mén* | se,
 O'er heél | Suid A | *friká*

9. Hiir is nou nog 'n foorbeeld, fan 'n fers met 3 sillabes in elke foet. Dan fal di aksent op di mid melste sillabe. Dit noem ons *trippelmaat*, (O.K. No. 1):—

Soos 'n léen, of | 'n tiér, wat | syn próoi wil | be
spring

Trek Jáme | son óp na | *Transfaal*,—
 Di Bóere | di hád hom | al góu in | 'n *ring*,
 Ontfáng hom | met kógels | en *stáal*.

N.B.! Partykeer skiiit daar 'n sillabe o'er an end fan 'n regel, in di *slepende* rym, soos hiirbo onder No. 8, en partyker kom daar weer een te kort in di *staande* rym, soos onder No. 6.

10. Di digter het dus grote speelruimte. Mar fer een ding moet hy oppas: di *maat* *wat* hy *begin* *maat* hy *leu*, en so oek di *folgorde* fan *ryme*. Hy mag ni in een fers of regel di aksent op di eerste en dan weer op di twéde sillabe fan

'n voet set ni. Hy mag ni eers al-om-di-ander en dan weer twé-twe reels op makkaar laat rym ni. Soos hy syn eerste fers skrywe moet hy anhou, tensy hy in 'n gedig syn hele fersmaat ferander, mar dan moet hy weer di feranderde maat geregeld hou. Op di regel moet ons lesers feral let, want di meeste gedigte wat ons kry is om di redes "onferbeterlik," en di wat ons ferbeter gé ons 'n menigte moeite.

As voorbeelde fan wat ons meen, en tot oefening fer di insenders self, en om fer hulle te laat proewe hoe swaar dit is om sulke gedigte reg te maak, gé ons nou een fan di beste gedigte wat ons in di laaste tyd ontfang het, met di ongeregelde fersmaat soos ons dit ontfang het. (Di skrywer moet daar gen kwaad fan denk ni, want di meeste gedigte wat ons ontfang is mar so, syne is nog fan di beste).

'N GEDIG OP DI MYSIIS.

(*Voorgesdra op 'n Jongelings Fereninging deur Mnr. T. C. Human*).

1. Kom, Kêrels, kom, en hoor na my.
Ek sal jul wat fertelle.
Fan di mysiis in di algemeen.,
En ni net fan di "belle."
2. Di maan, met onweerstaanbre krag.
Di trek di grote sé ;
Di mysiis foer met infloed sag
'n Héle nasi mé.
3. Want dis 'n onbetwisbre saak ;
Di frou 's gelyk di mysi ;
Di mysi sal di moeder maak,
Di moeder maak di mysi.
4. Dus as di mysiis fan ons land
Hul ouers taal en leer bemin,
Dan gaan ons Afrikaanse folk
'n Heldere toekoms in.
5. Mar ag, dit is 'n treurige fyt,
Dat daarso báing is in ons tyd.
Wat hul moeders taal, en faders leer
Ferag, fertrap, en Engels eer.
6. Gaat jy mar na 'n dorp of stad,
En praat met so 'n Engelse....
Dan is sy net mar daarfán fol,
Hoe sy 't "geride," "gewalk," "gecall."
7. Dis waar, jy foel, jy word sommer naar ;
Jy ferloor ok al jou respek nou fer haar,
Dis Engelse houding, en Engelse taal,
Jy praat nou ok meer niks, mar sit soos 'n paal.
8. Want sy was mos, "at school" fer "eight (8)
months or nine (9)"
"In a good boarding school" in di, "Great
Bloemfontain."
Dis, "no" plaas fan né, en "yes" plaas
fan ja,
Sy's nou glad te hoog fer haar pa, en haar ma,

9. In di "Parlour" nou sit, foor klafiir en
Serfyn,
Fer Werk in di Kombúis, is sy nou glad te
fyn ;
Sy word nou so siik, fan di fuur, en di rook.
Né wag!—ek hou op, want ek foel myn
bloed kook.

10. Mar lat ons 'n elk di liwe Heer fra
Om al di dogters fan Suid Afrika
Genade, getrouheid, en Wysheid te geef,
Fer di taal, en di leer, fan hul Ou'ers te
streef.

T. C. HUMAN.

Let nou hiir op di follende foute wat *digmaat*
en *rym* anbetref (spelfoute het ons rég gemaak).

1. Wat di *lengte* fan di regels betref, fers 1, 2, 3, het di eerste en derde regels 4 foete, di tweede en firde 3 foete. Dis nou reg genoeg as al di ferse so was, mar fers 4, 5, 6, 7, het 4 en selfs 5 foete.

2. Wat di *maat* angaan het al di ferse foete fan 2 sillabes, mar fers 7, 8, 9 en 10 het di meeste regels 3 sillabes in 'n foet en is dus trippelmaat.

3. En wat rym angaan, in fers 1 en 3 is di tweede en firde regel 'n *sleepende* rym, en in al di andere ferse is dit 'n *staande* rym.

Hiir is nou di follende prysfraag. Di een wat diselfde gedig di beste kan ferbeter kry di prys follens gewoonte.

NEEF GILEAM FOURIE SEN "KLYNTJI'S FERLOOR.

1. Editeur, kom, laat ek jou 'n saki fertel,
Dit is op ons plaas nou mar treurig gestel.
Di mense di fraag waar "Ons Klyntji" 's gebly,
En ek was ferplig na di pos toe te ry.
2. 'k Gaan fang toen myn pèrd en ek ry na di pos
Om di pèrd eers te kry, het my moeite gekos ;
Mar dit was nog niks ni, as *Ons Klyntji* mar kwam,
Mar daarfoor was ek tog so regtig wat bang.
3. Ek fra na *Ons Klyntji*, of ek hom kan kry ;
Mar hulle seg, hul het gen *Klyntji* fer my.
Ek foelde toen sleg, mar hoe moes ek nou maak ?
Ek gaan weer na huis toe, en plyt fer syn saak.
4. Hul weet ni, hoe kom dit ; dit is 'n groot apyt,
"Ons Klyntji" kom anders gereeld op syn tyd.
Di follende dag is ek weer al persent,
Mar *Ons Klyntji* blyf weg, en ons was ni kontent.
5. Ek denk toen, *Ons Klyntji* het seker ferdwaal,
Dit is oek so fêr fan di Paarl na Transvaal.
Mar hy sal di pad kry, het jy már geduld,
Ons Klyntji het my mos nog nooit ni gekuld.
6. 'k Ferlang om te lees van Nig Anni Joubert ;
Hoe 't gegaan het met Skeba, ons was al so fêr,
Of hulle gekryg het, wat hulle gaan soek,
En wat was geskryf in di rol of di boek.

7. Fan Wolf en fan Jakhals, wat "Oom" nou moet sê; Fan Karoles, di weewnaar, wat 'n frouwtji wou hê; Na di raaisels ferlang ek, wat agter an staan. Kom, help my, waar kry ek 'n *Klyntji* fan daan ?
8. Ek saal weer myn pèrd op en ek gaan hom soek. Want hê wil 'k hom seker, dit spreek as 'n boek. As julle hom kry langs di pad, of by wi, Dan stuur jul hom gou gou na.

G. C. FOURIE.

Di Roosknoppi.

(Bekroonde Pryspraag).

FERKORTE INHOUD.—Di leser maak kennis met di persone wat di hoofrol ferful: Mnr. Retief en syn frou, met syn 2 dogters Betti en Maria, en syn seun Dani, ferder met Betti Brink, di niggi fan Mnr. Retief syn kinders, en haar frindin, Anni Joubert.

Dani en Anni het 'n gesprek o'er nasionalityt, waarin di onnodig gebruik van Engelse woorde afgekeur werd. —Hulle gaan na di waterfal toe, in di berg; Anni fal fan 'n klip en breek haar been wat, deur Dani gespalk word. Anni herstel, na 'n maand.—Anni en Dani in di blomtuin; sy gé an hom 'n roosknoppi wat hy moet bewaar, en hulle neem afskyd fan inakaar.

Mnr. C. Brown di winkeliir en Mnr. Van Dyk kom di aand by Mnr. Joubert deurbring om te onderhandel en te siin di besighede van Brown en Joubert ineen te smelt. Anni haar pa het haar di vorige aand bekend gemaak dat hy wil hê dat sy met Brown moet trou, wat haar grote smart veroorzaak daar sy hom haat inplaa van lief het. Dit word fertel dat Mnr. Joubert so bitter teen di Afrikaner Bond gekant is. Di rede was dat hy deur middel fan di Bond in di Parlement wou kom, mar di Bond wou hom daar ni bring ni, omdat hy onbekwaam is. Brown fra Anni na 'n konsert.

Di Vrydag aand neem Brown fer Anni na di konsert, en toen hulle terugkom ferklar hy haar syn liefde, waarop sy hom reguit sê dat dit moosite te fergeefs was. Toen Anni by di huis kom was di dokter daar, omdat haar ma sklik baing siik geworde het. Toen sy later na haar kamer toe gaan kry sy daar 'n briif van Bettie Retief, waarin sy an Anni bekend maak dat sy binnen 'n korten tyd gaan trou met 'n seker Smit van Johannesburg. Anni soek in di briif te fergeefs na liits van Dani—gen woord fan hom.

Dit word di lesers fertel hoe dat Mnr. Retief agteruit gegaan is deur fer andere te help. Bettie Retief gaan trou met Mnr. Smit van Johannesburg, en gaan daar woon. Mnr. Joubert gaan fer 'n tydji, na di dood fan syn frou, na Johannesburg, en neem fer Anni saam, Brown gaan ook saam. Anni ontmoet daar fer Bettie en Dani. Uit gesprekke ens. maak Anni op dat Dani ferloof is an 'n seker Miss Lissi Cameron, wat haar tot grote smart is. Dani fra fer Anni na 'n konsert.

Dani en Anni gaan na di konsert en onderweg sowel soontoe as terug blyk dit dat altwe verkeerde gedagtes had; Dani was ni ferloof an Lissi Cameron, en Anni was ook ni ferloof an Brown ni; Hulle was altwe inakaar getrou. Anni gé nou weer di roosknoppi an Dani en sê hom dat solank hy di roosknoppi bewaar, sy haar hart ni

an 'n ander sal gé ni. Dani word by Mnr. Joubert besken- dard deur Brown en syn frinde. Mnr. Joubert wil hê Anni moet di ferloving afbreek, en daar sy dit ni wil doen ni, neem hy haar weer weg na P—————en belet alle korrespondensi tussen haar en Dani.

VI. HY KAN NI SO SLEG WEES NI.

DIT is in di begin fan Juli fan diselfde jaar waarin Anni Johannesburg ferlaat het. Anni was bisonder opgeruimd nadat sy anders is. Sy was besig met 'n blomruiker reg te maak terwyl haar pa gou di krante deur kyk. Dit was fer haar of hy ook opgeruimd is, want fan hulle fan Johannesburg gekom het, het sy hom nog nooit weer gesiin lag ni. Hy was altyd som- ber en stil en praat met haar net as dit hoog noodsakelik was, en dan nog so kort as molik. Sy het dit groteliks toegeskrywe an drukte fan besig- hyd, want syn gewese frind Brown was nou syn doodfyand in besighyd. Brown was nog in Johannesburg, waar hy met goud andele speku- leer, mar hy het 'n knap bestirder in syn besig- hyd, 'n sekere Peterson; Brown stuur gedurig geld fan Johannesburg, om syn besighyd uit te bry, en di fan Joubert teen te werk, en dus werk di twe besighede nou net so hard as kan teen inakaar. Een dag het Anni haar pa haar dan ook reeds ferwyt dat sy di oorsaak hiirfan was en nog molik di oorsaak sal wees dat hy sal bankrot gaan. Sy het dit stilswyend moet anhoor, want tegepraat durf sy ni. Sy wonder egter waarom hy di oggend so opgeruimd lyk. Di oorsaak sou sy tot haar smart gouwer weet as sy gedog het. Want toen hy 'n rukki gelees hét gé hy fer haar di koerant en sê: "Kyk hiir, lees di rapport en sê my of jy nog denk dat Retief folmaak is. Ek het gewet syn skurke streke sal gou genoeg moet uitkom."

Sy neem di koerant met 'n bewende hand en gaan op di eerste di beste stoel sit, want dit was haar of haar bene haar ni langer kon dra ni. En wat sou sy in di koerant siin? Niks op aarde kon fer haar slegter gewees het as di nuws wat sy nou daarin siin, namelik 'n berig dat 'n boer wat 'n frag goed op Johannesburg ferkoop en met 'n sak vol geld uitgery het, een aand kort na son- onder, 'n klyn endje buitekant Johannesburg, aangerand, lelik toegetakel, en fan al syn geld berowe was.

Di enigste man op wi suspisi gefal het, was Dani Retief met 'n paar frinde, en di suspisi was so sterk dat hy opgepak en in di tronk geset werd. Di saak sou binnen kort foorkom, dit wil sê as di angerande sterk genoeg is om in di hof te ferskyn; mar dit was seer twyfelagtig of hy fan di bekome wonde weer sal herstel. Di koerant wyger om 'n gevoele uit te spreek daar di saak *sub judice* is, mar meen tog dat daar gen twyfel kan wees dat di

gearresterde di skuldige is, en ys dat hy 'n foorbeeldige straf sal kry as hy skuldig is.

Sofer gaan di berig en Anni gooi di koerant met 'n dipe sug en minagting fan haar op di tafel.

“Wat sê jy nou van di fraaie Retief?” fra haar pa.

“Hy kan ni so sleg wees ni; ek glo daar niks fan ni,” was haar enigste antwoord.

“Ja nimand is so blind as hy wat ni wil siin ni. Mar hy sal wel een fan di dage syn ferdiinde straf kry deur di hof, en dan sal jy wel moet glo wat jy nou ni wil glo ni.”

“Dis 'n opgemaakte stori, waarfan ek niks glo ni” hou sy fol, terwyl sy opstaan en naar haar kamer gaan, waar sy haar dwars o'er haar bed gooi, en in bittere tranen losbars. Toen di storm enigszins o'ergewaaï was in haar binnenste, sê sy tot haarselve: “Ek glo dit nooit dat Dani so sleg kan wees ni, mar ek sweer, Brown het syn hand in di affêre, om fer Dani in moeilikhyd te bring ten ynde syn doel te beryk; maar hy sal dit nooit beryk ni. Og kon ek Dani net fer 'n halfuur siin, of kon ek mar an hom skrywe, net om uit te finde wat waarhyd is!”

So het daar 3 maande omgegaan sonder dat Anni, iits ferder hoor, as behalwe dat di angerande man gesterwe het 'n tydje na di anranding. Brown stuur fer haar pa geregefd di koerante waarin di ferslage fan di foorlopige ondersoeke in was, mar hy het opgepas dat Anni di koerante ni in di hande gekry het ni, waarom weet sy ni.

Dit was in di middel fan October toen haar pa een morre by haar in di tuin kom, en sê: “Wel Anni fan morre het ek fer jou goeie tyding; neem di koerante en lees self.”

Sy neem dit en gaan op di bank in haar somerhuïsi sit, terwyl haar pa ferder in di tuin rond dwaal. Daar siin sy toen di rapport fan di verhoor fan Dani foor di Hoogegeregshof, en daar dwars o'er met rooi potloot geskrywe: “*caught at last*” (tog yndelik gefang). Di handskrif ken sy: dit was di fan Brown: Hy (Brown) was dan oek di hoofgetuige in di saak, en syn verklarings kom korteliks hiïrop neer:—

Dat hy, Blake en Wilson op di 5de Juli fan di jaar 18— in di agtermiddag teen di aand gaan uïtry het. Omtrent skemer aand kom hulle op 'n seker punt, digteby Johannesburg, op hulle terugtog, en siin toen dat daar 'n worsteling plaas find by 'n wa. Hulle ja toen daarheen en toen hulle digteby kom, neem 2 kêrls di loop fan di wa af, di bosse in, di agterste kon hulle duidelik beken, dit was beskuldigde. Hy sweer possetiïf daarfoor. Hy werd toen gekruisfraag en sê dat hy niks weet fan 'n Kaffer wat by di wa was ni. Hy het gehoor fan Blake dat Retief hardop was. Hulle het di gewonde man na di huis gebring,

want 'n end daarfandaan was 'n huis fanwaar hy later naar di hospitaal ferfoer is.

Di ander twe getuige wat opgeroep werd leg diselfde ferklaring af.

Toen werd daar 'n sekere Booi, 'n Kaffer, opgeroep, wat ferklar dat toen hy en syn baas op di genoemde plek kom, daar 2 of 3 manne uit di bosse langs di pad tefoorskyn gekom het wat hulle gestop het en op Engelsch fer syn baas gefra het om 'syn geld of syn lewe.' Syn baas wou ni di geld gé ni, en daarop het hulle syn baas aangefal. Hy was egter so ferskrik dat hy di loop geneem het, om te gaan hulp soek, toen hy later weer terug kom, met 'n paar ander base wat met hom saam gekom het, het hy daar niks gekry ni, mar het toen fan 'n ander Kaffer gehoor dat syn baas en oek di wa met di esels na di plaas gebring was wat 'n endje daarfandaan was. Syn getuigenis was egter seer ferward en deur makaan. Op een punt staan hy egter fas, en dit was dat beskuldigde ni by di aanranders was ni, daarvan was hy seker. Wi di aanranders was kon hy ni sê ni, want hy het hulle ni geken ni, en dit het hom oek gelyk of hulle fals baarde op gehad het. Toen hom gefraag werd om di aanranders te beskrywe, sê hy dat di een baing gelyk het soos daar di baas—en hy wys naar Brown—ten minste di oge en di stem was net soos di fan daar di baas. Toen werd nog di getuigenis fan di 2 manne wat met Booi saam gekom het gehoor, mar di was fan wynig belang. Fervolgens werd di getuigenis fan Mrs. Botha gehoor.

Sy ferklar dat daar in di agtermiddag omtrent sononder 2 mans by haar huis ferby gestap het fan di kant fan Johannesburg. Sy het hulle ni geken ni, mar was so goed as seker dat di een beskuldigde was. Omtrent donker di aand het di 3 eerste getuige di o'erlede man in haar huis gebring. Hy was erg gewond en kon ni meer praat ni. Di man is later na di hospitaal geneem. Sy het later gehoor dat hy an di wonde gesterwe het. Ferder weet sy niks.

Toen kom di kant fer di ferdediging. Di beskuldigde—Dani—het di getuigenisse wat so sterk teen hom plyt al di tyd dood bedaard gestaan en anluister. Hy sou nou syn ferklaring aflê. Alle oge was op hom gefestig. Sou hy hom nou kon suiwer fan di blaam wat op syn karakter geleg is? Wat sou syn ferklaring tog wees? Wel di was seer kort: Hy ferklar dat hy op di 5de Juli gaan loop het in di bedoelde rigting, mar eer hy by di huis fan Mrs. Botha kom was di son reeds onder en begin dit skemer teworde. Hy het toen omgedraai en naar syn huis gegaan. Hy het di hele aand in huis gebly en het niks fan di affêre geweet foor hy di anderdag in syn kantoor gearresterd werd ni. Op di fraag fan di adfookaat of hy in di tyd hardop was, sê hy dat Blake fer hom op di 4de Juli gefra het om fer hom—

Blake—£50 te leen, hy het toen gesê dat hy dit ni kan doen ni want hy had juis di forige dag al di geld wat hy kon mis fer syn pa gestuur. Hy was egter ni so kort van geld dat hy fer Blake folstrek ni kon help ni, mar hy wou hom ni help ni, want Blake het al ferskye male fan hom sulke somme geleen, wat hy altyd gou weer sou gé, mar hy het nog nooit 'n penni terug gegé ni. Hy sweer dat hy fan di boer en fan di aanranding niks weet ni.

Daarop werd di bestiirder fan di maatskappy opgeroep wat ferklaar dat Dani al lang in syn; diins was, en ferantwoordelike boekhouwer was; dat beskuldigde aldag di kans had om geld te ferduister mar daar het, nog nooit 'n penni makeer ni. Hy beskou beskuldigde fer di eerlikste en respektabelste jongeman in di hele Johannesburg.

Hiirme was di ferhoor afgeloop en na di opsomming fan di regter werd hy skuldig ferklaar an aanranding en diifstal—want di geld fan di boer was natuurlik ferdwene—en feroordeeld tot 3 jaar harde arbyd.

Ag watter pen is in staat om behoerlik di droefhyd en smart fan arme Anni te beskrywe toen sy dit lees; toen sy lees dat haar, Dani, di edelste jonkman fan di dag, haar hele hoop, haar alles, feroordeeld was ferfytelik di 2 grootste misdade wat kan bedrewe worde—namelik *diifstal en moord!* Want di geld was gesteel, en di boer was an di wonde gester we, dus fytelyk moord. Mar hoewel hy deur di regter skuldig befonde was en feroordeeld, wou en kon sy tog ni glo dat hy skuldig was ni; né in haar binnenste was sy fas o'ertaig, dat hy an di misdaad net so onskuldig was as sy. Mar al is hy nou oek nog so onskuldig, haar hoop fer di toekoms—want sy het nog nooit alle hoop opgegé ni—was nou op onbarmhartige wyse met eens en fer goed ferydel! Sy weet dat haar pa nou meer as ooit teen Dani ferbitterd is; en kom hy eendag weer uit dan sal haar pa wel daar foor sorre dat sy nooit weer iits fan hom sal hoor of siin ni.

Terwyl sy so sit en pyns, neem sy weer di koe-rant op en kyk nogmaals of dit wel werkelik daar staan en of sy ni molik and droom was ni. Mar né, sy droom ni, dit staan werkelik daar, swart op wit. Dani is in di tronk fer 3 lange jare. Dog nou merk sy iits op wat di eerste slag ni haar aandag getrek het ni. Waarom was juis diselfde Brown, di haar reeds sofeul droefhyd besorg het, met syn 2 frinde di beskuldigers? Waarom het hy di woorde: "*caught at last,*" daaro'er geskrywe? Dit lyk mos baing of hy al lang op Dani jag maak, en hom nou ten laaste gefang het. En was Brown en syn 2 frinde ni sleg genoeg om Dani fals te beskuldig ni? Iits anders wat haar aandag trek was dat ni Dani ni mar wel Blake, di boesem frind fan Brown, hardop was fer geld? Sy werd hiir egter gehinder in haar gepyns deur haar pa.

"Nou wel Anni, wat sê jy nou, glo jy nou nog ni dat Retief so sleg kan wees ni?"

"Né pa, ek glo nog hy kan ni so sleg wees ni."

"Myn kind, mar hoe is dit tog molik dat jy so hardkoppig en blind kan wees. Di hele saak werd ferhoor en uitgepluis deur onpartydige en onbefooroordeelde regters di allesins befoeg is om 'n uitspraak te gé. Hulle find hom skuldig en jy hou fol dat hy onskuldig is. Mar al was daar oek gen regter ni, dan is di getuigenis tog sterk en duidelik genoeg om sonneklar te bewys dat di man skuldig is. Dat jy ni an syn skuldigheid wil glo ni, is omdat jy jou gefoel bo jou ferstand laat gaan. Dat jy jou in kinder jare laat ferly het, en di man liif gekry en jou an hom ferbinde het kan ek ferstaan, mar dat jy nou, nou dat jy gen kind meer is, nou dat jy jou ferstand het, nou dat jy siin watter skurk hy is, nog an hom kan bly fas hou, is my onferklaarbaar en fersterk my net in myn gefoel dat 'n frou nooit ferstandig word en fer haar self kan beskik ni; 'n man moet dit doen, en ek sal dit fer jou doen."

Dit alles praat hy in een asem af en sy kon duidelik siin dat syn bloed warin was. Sy was bang om hom teen te spreek, mar sy kon di kans daarom ni laat ferby gaan ni, want in di laaste tyd fan dat hulle fan Johannesburg gekom het, praat hy byna nooit 'n woord met haar ni en behandel haar altyd net so kort af as molik. Sy perbeer dus om 'n paar woorde tot feredediging fan Dani te sê, mar hy stop haar en sê dat hy niks tot feredediging fan so 'n skurk wou hoor ni. Daar was 'n ogenblikki stilte en dit lyk byna of syn konsensi hom beskuldig dat hy haar, syn enigste kind en dogter te hard behandel, mar hy neem gou weer di woord en sê:—

"Anni, dit word tyd dat ons tot 'n punt kom. Di lewe wat ons in di laatste tyd gely het is fer my ni angenaam ni. Ek wil alles fer jou gé, en alles fer jou doen, mits jy moet di een begeerte fan my, tot jou yge beswil, ferful. Ek het jou froeger gefra, mar nou ys ek dat jy fan Retief sal afsiin en jou an Brown ferbinde."

Hiir bars Anni in trane uit, iits wat Mnr. Joubert nog nooit gesiin hetni, fan dat sy'n klyn kindj was. En dit was hom of hy self in trane kon uitbars, want nou siin hy duidelik hoe groot haar smart was. Om haar weer tot bedaring te kry neem hy haar hand en sê: "Kom, myn kind, moeni kinderagtig wees ni, jy is ni meer 'n kind ni, stil mar en wees ferstandig."

Ag hoe tref di woorde fer Anni, hoe soet klink dit in haar ore, want sy het hom in di laatste tyd nooit meer so frindelik met haar hoor praat ni; ja dit was fer haar of dit weer farselewe was toen sy as 'n klyn dogtertji op syn skoot sit. Syn frindelike toon gé haar dan oek dadelik moed, en sy klem syn hand met altwe haar koersagtige warme hande fas en sê:

“Ja pa, ek sal perbeer om ferstandig te wees, mar ek vra pa, om my nog eenmaal geduldig an te hoor, ek sal niks tot ferdediging fan Retief sê ni?”


“Nou toe, sê alles wat op jou hart lê.”

“In di eerste plaas moet ek fer pa sê dat ek ewige trou an Retief gesweer het en ek kan hom ni opgé ni. In di tweede plaas kan ek my noot an Brown ferbinde ni; ek haat, ek frees di man. Mar myn kop is nou te deurmakaar, ek kan ni praat ni, daarom fra ek fer pa om my 'n bitji tyd te gé om na te denk o'er di saak. Wat feral myn aandag getref het by di lees fan di rapport was di follende: Waarom moes Brown en syn 2 frinde juis di beskuldigers wees fan Retief? Waarom.”—Mar waartoe al di “waaroms” hiir weer herhaal. Sy had 'n hele 25 “waaroms” wat sy ni kon oplos ni, en haar pa oek ni. Hy sou egter daaro'er denk en dan fer haar later daar 'n antwoord op gé. Sy had hom tyd gefra en di sou hy haar gé. Hy sou di follende dag hoor wat sy te sê het. Sy gaan toen huistoe en hy bly nog 'n rukki daar sit.

Hy was nou egter geful met gedagtes wat nog nooit by hom opgekom het ni. Di klomp “waaroms” fan Anni het hom op di spoor gebring om di hele saak en Brown fer 'n rukki te beskou, soos Anni. En dit lyk hom byna of Anni gelyk het. Sou dit ni molik later blyk dat Brown 'n lage skurk is ni? En as dit di gefal moet wees, was syn gedrag teeno'er Anni dan billik? Was dit faderlik? Wel, sy had hom tyd gefra, en hy sou haar ni haastig maak ni, hy sou haar tyd gé so feul as sy wou hê.

Wynig het hy geweet dat hy haar lang, ja baing lang tyd sal moet gé, want diselfde nag werd sy angetas deur 'n geweldige koors, wat feroorsaak werd, soos di dokter ferklaar, deur o'erspanning fan senewe teweeggebrag deur hewige gemoeds andoening. Ag watter selfferwyf had haar pa nou. Hoefeul het syn gedrag, hoefeul syn laaste gesprek molik tot haar siikte bygedra? En moes sy, syn enigste kind nou sterwe, hoe sal di gedagte fer hom wees, dat hy haar laaste dage—di skone sonnige dage fan 'n edel mysi,—so onaangenaam gemaak het, en dit alles terwille fan di grille fan Brown? Mar hy was haar fader en kon haar ni in di ferderf laat loop ni. Hy was genoodsaak om haar te bewege fan di ellendige Retief af te siin. Sulke gedagtes ferful nou dageliks di hoof fan Mnr. Joubert, terwyl Anni by di dag agteruit gaan, niteenstaande di dokters alles doen wat in hulle fermoge was. Yndelik slaan di siikte deur op hersenkoors, en di dokters laat alle hoop op herstel faar.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897, Burgerlik en Kerke-lik, is di Almanak wat elke Afrikaner moet hê. Inhoud bisonder belangrik. Prys net mar 1s. per pos. Kontant.



Di Paardekraal Monument,

ter gedagtenis an di verlossing by Dingaan en di Vryheidsoorlog, alwaar al jare di grote godsdiinstige feeste plaas vind.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 is te kry. Stuur dadelik julle orders. Wat eerste order en geld meestuur word di eerste gehelp. Prys net mar 1s. per pos, Kontant

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 bevat behalwe al syn menigte nuttige informasi ses fraai prente: Pres. Steyn, di Kaapstad van Leeuwstert; di Hollandse Kerk en di Kaap met di gedenkwaardige Preekstoel, ens; Port Elisabeth; Oost Londen en 'n afbeelding van di Monument wat op Slagtersnek sal opgerig worde. En tog kos di hele almanak mar net 1s. stuk, Kontant.

Myn eerste besoek an di Strand.

DIT was naastenby in di maand April 1866, dat ik fir di eerstemaal na di Strand sou gaan.

Di gedagte alleen dat ik dan eintlik ook di plek sal gaan kyk, was amper te goed om te glo, en toen op di laaste aand voor di vertrek, di wa voor di deur staan en opgepak word, was ek so opgewonde van blydskap dat ik di nag amper ni kon slaap ni. Gewoonlik het dit mar moeite gekos om my smorrens uit di kooi te kry as daar lesse moet geleer worde, of ander werk te doen was, mar kyk, di morre kon hulle mar roep net so vroeg as hulle wil, mar ik is op.

Di plan was dan so: ons, kinders, sou met di wa mé ry, waarop di goed gepak is, en Pa en Ma sou dan agterna kom met di kar. Wel, kni diep vóórdag word di esels ingespan en ry ons weg in di maanskyn, so vrolik en plesirig as 'n mens mar met mo'entlikhyd kan wees. Wel, wat di reis angaan, dit was na Vishoek Strand, en ik weet nog heelgoed, dat vir my, wat nog mar min van di wêreld gesiën het, dit al 'n héle ding was, om so 'n groot dorp as Stellenbosch te sien. Di reis was heel voorspoedig en só téen di aand kom ons by di Sandduine en by di sé, wat ik so vurig verlang het om te sien. Mar toen word ik bang, want di sé lyk my na 'n groot rivier, wat reg uit op ons af kom, en toen ik so 'n groot brander sien ankom, gaan ik op di vlyng, en toen ik my weer kom kry, staan ik bo op di sandduine en wou daar ni weer afkom ni. Met grote moeite kon ik myn vrees so ver o'erwen, dat ik weer verder kon gaan, met di vaste beslút egter om in vervolg so vër van di sé te bly as moegelik is.

Wel, di vollende morre was elkeen begérig om te gaan baai, mar so gou as ik dit hoor dog ik by myself: a né wag, di ding sal vandag verkeerd kom; hulle sal my van morre in di sé wil bring, en dan kry ik di stuipe; dus ik sal mar by tyds 'n plan maak en sorre dat ik weg kom. So geseg, so gedaan, mar waarnatoe sal ik nou gaan, dat hulle my ni kan kry ni? Gelukkig sien ik agter di huis onder 'n party bome 'n groot, ou diep visbali staan waarin hulle vroeger vis gesout het. A, hier dog ik, sal hulle my ni kry ni, en meteen was ik in di bali, en hou my so kleif en stil as 'n muis in 'n koskas. Mar daar ik ongelukkig ni in 'n koskas was ni, mar in 'n ou stinkerige visbali, so begin ik naderhand erg honger te kry, mar durf my ni roer ni; want di ergste was, ik was naby di huis, en kon goed hoor hoe hulle o'er my praat en na my soek; en uit di gesels kon ik verstaan, dat di gedagte al was dat ik in di sé geval het. En ik sé by my self: moene glo ni, ik in di sé val! ik wat so bang is vir di sé, dat ik

liwer hier sit te verhonger in di visbali, hoewel ik weet dat myn moeder veral in 'n doodsbenuoudhyd is o'er my.

Gelukkig het ek, vóór ik in di vrywillige gevangenskap gegaan was, gehoor dat di baai tyd gewoonlik in di morre is, en so wag ik toen tot laat in di agtermiddag tot dit veilig is, voordat ik deur di honger gedrywe word om mar self huis toe te gaan. Dat ik 'n gedugte skrobering gekry het o'er di angas wat ik myn ou'ers op di lyf gejaag het, is gemakkelik te begryp, en dat-ik ni 'n pak slagé gekry het ni, was alleen omdat di blydskap o'er di terugkoms van di verlore seun so groot was.

Dit was myn eerste kennismaking met Vishoek Strand en nooit kom ik daar ni, of ik gaan di plek kyk agter di huis van Meneer de Wet, waar ik in myn kinderjare sulke benoude ure deurgebring het.

F.

Lasपालमा,
Warwick Castle
3 Juni 1896.

~~~~~  
**'n Briif 56 Jaar Oud.**

**U**NDERSTAANDE is 'n letterlike afskrif van 'n briif geskrywe deur di frou fan Pieter Retief wat deur Dingaen vermoor is, an haar famili in di Boland. Dit is geaddressseer an: "Gideon Retief J. zoon, aan Wagemakers Vallei," en onder an di adres, staan: "Port Natal, —M. J. Retief Weduwe." Di inhoud is as folg:—  
"Op te Kolonie van Port Natal, Genaamt Pietermaritzburg, den 7 den Juli 1840.

Mijn Waarde en Nooit vergetene Broeders en Susters Retiefs, en Herholt, benevens moeder, als zij nog leef.—

Met deze gelegenthijt kan ik niet nalaten UEd. te melden dat ik en mijn wijnige kinderen nog vris en gezont ben door de goedhijt des Heeren, wij hoop van UEd. het zelfde—Wat nuwes aanbetref weet ik UEd. niet veel te melde zo ver dat het met ons nog boven verwagting gaat en ook nog boven onse verdienste—wat onze vijant aangaat wij leef met hem nog in vrede—hij heef onze schade uijt betaalt aan beeste en aan beuijt en verder woon wij op onze erven en plaatzen—dit bouw en plant en zaay vris—maar van dit jaar heef wij nog een groot broot gebrek van wegens de roes passeerde jaar zo erg was maar en tegen was er mooye tuiyne en dan vol op mielies en pampeone en vol op vlees het is dan gezeg de meeste beeste vlees om de menigte van kaffers beeste die onder ons is—wat ons regerings vorm aan betref is tot hier toe weer in een behoerlijke



stant er was voor een tigtje een kwessy onder de hoofde maar het is dog weer alles te vrede onze plaatze is ook al geenspekteerd de ouwe heer Smit is ook nog onze leeraar; wij is ook besig aan onze nuwe kerk—

Verder ken wy hier nog byna alles te koop kryge maar het is braaf duur voor onse voortrekkers Die weer van een af moet beginne waar ik een van ben die zo nyt gekleet ben van goet en bloet eers door onse wreede vyande van mans en kinders ontroof en de masels heef myn weer van kinds kinders en een brave schoonzoon ontroof myn Debora haar man—

Geliefde broeder op u verzoek zal ik schryve hoeveel kinders dat ik gehat heef hoeveel dat ik nog heef van over lede Jan Gryling heef ik 9 kinders gehat 3 is klyn gestorve 6 heef ik groot ge maak daarvan is dood; myn dogter Gertruyda aan de kraam myn tweede dogter Maria aan de hartkloppens alle hyde was getrouet en myn zoon Jan is van de kaffers vermoord hy en syn overleede vader Jan Gryling heef harle leeven daar in de binne lant moes late en hún lighame aan de diere moes geven voor die lant daar—en hier moes ik myn brave man Retief met zyn jongste zoon Pieter Retief en met myn oudste zoon Abraham Gryling ook hun lighame weer aan de diere geven door de wrede Dingaan. Lieve broeder myn rampe is byna te zwaar om UEd. daar een behoorlijke melding van te doen u ken wel dinke 2 mans en 3 kinders moes afgeven waar ik geen graf voor kon laat make van Retief is ook 2 klyn dood van Gryling heef ik nog in leeven Piet en Barent en van Retief Jacobus Francois zyn vrouwe en kinders is ook dood en dan Debora Jacoba haar man en kinders is ook dood, en dan heef ik nog Magdalena Margareta haar kinders is ook dood nu heef ik van myn 15 kinderen nog 5.

Geliefde broeder zend myn dog een kasje met boomtjes ik zal die transport betalen ook wens ik te weeten of B. Hendrik Herholt myn brief ontvan gen heef. Nu zal ik sluyte en groet UEd. alle met opregte liefde

UEd, Welmenende Suster en Dogter,

MAGDALENA JOHANNA DE WET.

Weduwe PIETER RETIEF.

Di bowenstaande briif wat op di 13 de Aug. van dieelfde jaar deur Mnr. Gideon Retief alhier ontfang is, is in besit fan Mnr. Frans P. Retief fan di Perl, 'n famili lid fan o'erlede Pieter Retief en hy was so goed om ons daar 'n afskrif fan te gé. As andere frinde ook dergelike one gedenkskrifte het, sal ons baing bly wees dit te ontfang, of afskrifte daarfan. Di oorspronkelike stukke sal ons weer terug stuur, indiin gefraagd.

## Dire Storiis.

### LEEU JAG

**E**K is in di jaar 1820 in di Distrik fan Graaff-Reinet gebore, op di plaas Lemoenfontyn Ek was fan klyns af een in wi banja geens was, en by wi bisondere lus was fer jag. Toen ek omtrent 6 jaar oud was moes ek begin skaap op te pas, wat fer my banja fermaaklik was, feral om jag te maak op tiirs, luipers en hobejane en al di soort dire. Eers met honde en later met di geweer.

Toen ek 15 jaar oud was, toen hou myn pa fer my op di werf, mar dit was fer een wat so'n gees het as ek te feul om so gebinde te léwe. Toen ek 22 jaar was, toen word di gebinde léwe fer my te swaar, en ek won deur di Groot Rivier gaan om in di woeste land wat daar lê, nou Vrystaat en Transvaal ens. te gaan leens skiit; want ek wou alte graag leens skiit.

Myn pa wou dit ni toelaat ni; en myn ma di huil net soos ek daarfan praat. Mar dit kon toen ni ho'er of la'er ni, ek moes gaan. Ek koop toen fer my twé wa'ens, en twé span osse met trek goed, en twé fan di Ster Loop geweeers, of Ou Sannas. Ek won toen gaan, maar myn ou'ers wou my ni toelaat om te gaan ni.

Ek was fan plan om di aand weg te gaan. Ek stuur toen di morge froeg foor son-op fer ou Windfo'el om di osse by makkaar te maak. Di ou was so reg in syn fleur; want hy fertel fer my al dage hoe hy di leens geskiit het toen hy jonk was, en hoe hy nou met hulle sal werk. Danster moes di trek goed, reg maak, di stroppe, rimé en jukskye maak en di stukendes las. Ek en Kiwiit sou fer ons gaan slagvé uitsfang. Di fé het in di feld gestaen. Ons fang toen 120 uit en hy (wat Kiwiit is) sou so lank fort gaan met di skaap.

Ek kom by di huis; toen won ek di wa'ens reg maak, dat ons se omtrent 5 uur di middag kon weggaan. Ek maak myn manskappe bymakkaar om di wa'ens onder di bomé uit te trek en op te pak. Tot ons grootste ferdriit siin ons myn pa het 'n kettang gefat en dit deur di ring fan di disselboom gesteek, en om di boom en di twé punte met 'n tamai'e slot toegesluit. Mar kyk toen hang ons lippe net soos Oom Daantji syn as hy om di Brandsiiktewet dink! Ons loop toen na myn pa en ma en ons staan almal foor hulle op ons kni'e en soebat om mar te gaan; maar dis ferniet; mar wat soebat is ons. Naderhand word myn pa al kwaad en sé: Reg, ou frou, ek is al di neulery moeg; laat hulle mar gaan, as hulle dan so graag fan di leens wil opgefreet wees." Mar dis ferniet myn ma was te taai om te praat, en ons siin dis verniet, ma sal dit ni doen ni.

Toen praat ons hulle gerus, en druk net ons spyt uit dat ons ni kan gaan ni. Mar wi sê, nou maak ons plan, ja ons maak reg-reg slim plan. Ek roep hulle alleen in di tuin onder di bome.

“Ek sê toen fer hulle: Danster, jy fat al di trek goed en steek dit weg, dat di Ou Baas dit ni fan naand in di wa'enhuis toesluit ni.—Windfo'el, en jy sorg dat di osse fannaand om 12 uur hier is, en ek sal di groot fyl fan di Ou Baas fat, en di slot affyl.

Dit was alles goed in hulle oge. Ek was heeltemaal onafhankelik fan myn ouers; ek het by myn frinde fer my 'n grote sak beskuit laat bak, en myn bedde goed het ek eenkant. Ek het toen di dag al myn goed stilletjies reg gepak, mar ek hou my mar dood onnosel en om myn ouers nog meer gerus te stel, fra ek hulle om dan di ander dag na di dorp te ry, wat my oek toegestaan word.

Di aand het ek stil deur gebring; want dit was fer my daarom swaar om myn ou'erlike huis te ferlaat en 'n woeste land in te gaan, mar ek wou gaan. Di aand toen ek gaan slaap, toen soen ek myn ouers, wat ni myn gewoonte was ni, en wat fer hulle freemd voorkom. Hulle was toen gerus, en gaan omtrent 10 nur slaap.

Ek het di dag di fyl gefat en onder myn katel weg gestee; toen fat ek hom en gaan di slot af fyl. Toen ek 'n tyd lank gefyl het, siin ek daar kom myn pa an na di wa'ens om te siin of ek ni daar is ni; want hy het glo weer 'n wantroue in my gekry. Ek draai toen di plek wat ek gefyl het onder 'n skakel fan di kettang en loop toen deur di bome in 'n andere rigting. Di bome hou tot naby di huis an; di endtjies hardloop ek toen. Myn pa kon my ni siin ni; want di maan was donker, en agter di huis om en deur di fenster; ek sit di fyl onder di matras, en maak toen of ek slaap.

Pa het toen di wa'ens spioen om te siin of alles nog reg was, mar kon niks ferkeerds kry ni. Toen kom pa na myn kamer, draai di deur oop, mar ek snork soos ek slaap; mar met oop oge. Naderhand loop pa. Toen pa 'n paar tre'e weg was, staan ek op en kyk waar gaan pa heen. Tot myn blydskap gaan pa toen slaap.

Ek het nog 'n tydji gelê in myn kamer, toen loop ek en fyl di slot toen af. Danster kom toen oek daar om di trek goed te bring. Ons het toen di trekgoed reg gemaak; toen kom Windfo'el met di osse. Ons het gou di osse gefang en fas gemaak. Toen gaan ons di beskuit en beddegoed en geweens en ander dinge wat ons nodig het haal; ons roep toen myn dri wakkere honde en bind elk 'n riim om di nek, en sit hulle op 'n wa. Ons span toen in en ek laat Danster en Windfo'el foor gaan met di een wa en ek moes met di ander wa alleen kom. Myn span osse was so goed as 'n mens kon kry, hulle loop sonder lyer.

Ons het toen stadig laat fat, mar naderhand het ons baing finnik gery om weg te kom.

Ons het heeltemaal foorspoedig gerys. Op Colesberg het ons 'n paar dage o'er gebly. Ons is di Rivier daar met grote moeite deur. Ons gaan toen di Frystard deur, mar fan di foortrekkers het ons ni gekry ni.

Toen ons twe dage gery het, kom ons by so 'n klyn rifier, wat alkante met bosse begroei is. Naby di rifier is 'n mooi bultji met twe klipkoppies daar op. Ons gaan toen daar uitspan; dit was omtrent half 5 in di middag. Di ander twe jongens, wat di o'erige osse en pèrde angejaag het, namelik Jantji en Klaas, di vat toen di pèrde en osse en gaan hulle in di rifier water gè en met hulle wy. Danster bekle'e di amp fan kok. Hy was toen daarmé belas om kos te kook, terwyl Windfo'el en ek di bosse ingaan om een of ander wild te gaan seek om te skiit.

Ek zeg toen: “Oû Windfo'el, as ons nou fan middag 'n leeu kry?”—W. “Basi, dis so waar, ek sal fer hom skiit.”—Ek: “Windfo'el, nes jy di leeu hoor brul, dan hardloop jy weg.”—“Basi ek wat Windfo'el is, ek fer 'n leeu hardloop? Né ba'si.”—E; “Ou Windfo'el! As jy nou mis skiit?” W. “Basi, dan sal ek myn ma so waar fer 'n eendfo'el ansiin.”

Ons loop toen mar ferder en het toen gesoek na wild. Naderhand siin ek 'n eland wy; Ek stuur toen fer oû Windfo'el, hy moet di eland fan foor bekrui, dat di eland fer hom moet kyk, dan kan ek hom beter bykom.

Ek wag tot di ou so 'n end foor di eland is, toen moet hy stil sit. Ek bekrui di eland mooi tot op 100 tre'e, ek leg toen an na di eland; ek wou net aftrek, toen ek siin hy begin onrustigte worde. Ek leg toen weer fer 'n tydjistil. Toen leg ek weer an; toen geluk dit my so fer te kom om te skiit. Toen di ou pan brand, toen leg di eland—in syn bloed en smoor. Ek is toen in myn yge oge net 'n grote held; want ek het mos 'n eland dood geskiit.

Ek sê toen: “Ou Windfo'el! jy het daarom 'n knap baas; hy skiit so mar 'n eland dat di hare so waai; ek is reg-reg 'n groot man.”—“Baas,” sê ou Windfo'el; “daar kom nog 'n ander gevat man an; ja baas, hy is regtig 'n groot man.”

Ons loop toen en siin daar kom 'n groot leeu angestap so parmantig dat 'n mens amper sou sê, hy het di eerste ferband op di lap grond, en oek dat al di dire wat daar is syn eiendom is; so oek di eland waarop ek so trots was dat ek hom geskiit het. Hy stap reguit na di eland toe en begin te freet, nes of dit mar ferniit eet is.

Ek het so 'n tydji gestaan en kyk, mar ek word toen kwaad; want ek het mos self lus fer di eland syn flys. Ek sê toen fer oû Windfo'el, hy moet foor om loop, dan moet hy di leeu perbeer

skiiit; dan sal ek hom perbeer fan agter bekruip; want hy maak of hy ons glad ni siin ni.

Myn end wat ek moes loop was baing groter as di fan of Windfo'el. Hy kom di leeu toen mooi by, mar di of was 'n bitji domastrant; in plaas dat hy di leeu skiiit, gooi hy hom met 'n klip. Di leeu gé net een brul en spring na di ou toe; fan skrik skiiit di ou mis, en fal somar plat. Di leeu spring o'er hom en brul, ja dat di aarde dril onder ons. Of W. di het syn felkoros o'er syn kop getrek, mar elke maal as di leeu brul, dan trek di ou di karos 'n end faster om syn kop.

Ek was eers 'n bitji bang, toen di leeu so hard brul; mar naderhand was ek ni meer bang ni. Ek bekruip di leeu toen, want hy staan toen 'n end fan ou W. en hou di ou goed in di oog; net soos hy roer, dan wil hy op hom spring. Ek kom toen so agter 'n boom en bekruip di leeu naby; hy staan ander pad en kyk; ek fat hom mooi agter di blad, en trek af; daar brand net di o'u pan syn kruit; ek het fergeet om di roer te laai nadat ek na di eland geskiiit het.

Di leeu het my gelukkig ni gesiin ni, en hou arme ou W. toen ferdag fer di geraas. Hy gé een brul en spring na ou W. en stuit so by hom en gé toen 'n brul, dat dit fer my smaak di aarde skeur, en onder dit alles bly ou W. dood bedwaard, ja hy trek ni eens 'n oor ni.

Di leeu het by hom gestuit en fer hom so gestaan en ferwonder, en kom naderhand na hom toe en ruik so an hom fan syn foete af tot agter syn kop; toen begin di leeu hom te lek agter syn kop. Ou W. het 'n ruk stil gelê, mar naderhand begin di ou nukkerig te worde, hy fat toe 'n duwwelde hand fol sand, en gooi di leeu mooi in syn oge, en skre. "Foert! jou ellendige ding! wat lek jy dan met jou fuil spoebek an myn kop." Di leeu loop toen en huil en met syn pote di sand uit te krap. Ek lê toen en lag of ek mal is, er W. kon oek ni syn lag hou ni; mar hy moes hom mar soet gedra, anders kon hy straks in nader kennis met di leeu geraak.

Ek word gou fan myn laggende toestand herspel, toen ek siin di leeu het syn oge haas skoon. Toen moet ek net so gou laai as wese kon; want ek sijn toen, hy maak mening om ou W. antefal. Toen ek klaar gelaai het, staan hy by ou W. syn kop. Ek hou toen korrel, mar toen fat hy ou W. syn kop, tot syn grootste geluk was syn kop baing groot en hard, di leeu kon hom ni te fer om fat ni, en di kop is byna 'n klip gelyk, syn tande di maak net 'n paar sny'e o'er di fel. Di ou het daarom seer gekry. en spring op en sê. "A né, mar jou—ellendige ding so sal ek fer my daarom ni fan jou laat byt ni!"

Di leeu was glo weer bang fer syn oge, en spring weg, en staan so'n endji fan hom; toen skiiit ek hom deur syn kop; toen lê hy dood.

Ek stap toen na ou W.: en fra hom, hoe het dit afgeloop met hom. "Dis so waar, basi, ek was byna na di bokfeld toe." Ons het toen di leeu afgeslag en di ander folk gaan roep om di eland na di wa'ens te help breng. Ons het dit toen gedoen; ons het di eland afgeslag, en uit makaar gesny, en droog gemaak.

Toen moes ou W. fer di ander folk fertel wat hulle wonderlik in di smaak fal. Ou W. en ek was di twé grote helde fan di dag en ons wórd oek byna di aand toegesing: "Windfo'el het syn duisend verslaan, mar baas David het syn tiin duisend ferslaan;" want myn naam was D. Bezuidenhout.

Ons is toen daarfandaan ferder. Ons het toen fersky'e leeus doodgeskiiit. Ons het deurgetrok tot waar di Distrikte Standerton en Wakkerstroom fan dag is. Een middag ry ons oek so 'n lap bosse deur. Ek sit op di wa syn foorkis; toen siin ek dat daar 'n ding agter 'n bos weg raak, en ek maak somar gedagte dat dit 'n leeu is. Ek fluit toen fer myn span osse, en hulle gaan toen staan. Ek gryp toen myn geweer, kruit horen, en 'n paar kogels, en hard-loop na di foorste wa, en sê toen fer ou W., dit lyk fer my daar is 'n leeu.

Di ou gryp toen syn roer en hy loop een kant om, en ek anderkant om! want ek het hom gewys waar di ding was. Dit was 'n hele famili wat daar hymakaar was. Ek siin naderhand een klyntji staan, ek skiiit hom toen daar dood; ek hoor toen 'n ander brul hiir kort by my. Ek laai toen so gou as ek kon; ek loop toen weer fort. Ek dra di geweer so half o'er myn skou'er, laat di loop so half reg op staan; ek stap toen, mar ek kyk altyd anderpad en ni foor my ni. Toen ek gewaar spring di leeu, en hy spring o'er my, mar teen di loop fan di geweer. Ek slaan toen di kant toe weg neer, en di geweer anderkant toe, en hy steek in di grond fas en fal weer 'n slag o'er, sodat hy omtrent 5 tré fan my lê.

Di leeu di was toen net kwaai en spring al o'er my en brul, en di wyf en di ander klyntji kom oek aan na my toe. O! Myn tyd! en dit lyk fer my, di klomp had net honger; hulle maak so 'n kraaltje om my, hulle staan an my en ruik. Ou Windfo'el, di ou stomme skepsel; wat hom makeer het weet ek ni; of hy gedink het di leeus freet al an my weet ek ni; maar hy kon tog weet, ek sal ni stil lê as di leeus freet ni, want dis mos seer.

Di ou skiiit daarfandaan, en in plaas dat hy di leeus raak skiiit, skiiit hy my deur di dikflys fan myn been. Di leeus di skrik toen en hardloop 'n end weg, mar toen draai di mannetji weer om; mar toen was hy kwaai. Hy brul en skop 'n lawaai op. Myn been was toen nog warm en was toen nog ni so seer ni; di bloed het ek gou gestop. Hy kom toen; ek lê toen weer plat. Hy kom en ruik an mij en staan toen by myn kop.

en op so 'n wyse, dat syn stêrthare in myn oge hang, en hy staan toen op 'n huilende wyse en brul, en kyk na di kant waar di ander heen gehardloop het. Ek draai my toen stadig om en staan toen op en gryp hom an di stêrt. Di leeu trek fôrentoe en ek trap fas hier agter, di leeu sleep my, mar wat hou, is ek. Ou Windfo'el, di ou fent, di staan en lag of hy mal is. Ek skré toen fer hom, hy moet di leeu skiit, hy wil my baas raak; toea skiit hy hom dood.

Ons het toen di twé afgeslag en toen loop ons ni te fêr of di wyfi di kom, mar ek skiit haar deur di kop, dat sy stil lê. Di klyntji het ons toen oek opgespoor en doodgeskiit.

Myn wa'ens was toen fol fan leeu en wilds felle. Toen moes ek omdraai. Ek het nog baing ander ontmoetings gehad wat ek nou ferswyg het, mar as daar later na gefraag word, dan kan ek dit gé.

Ek was toen dri maande weg, ek het toen na myn pa syn huis gegaan. Di nag daar gekom en toen myn pa wakker word, toen speel ek op di Harmonium. Myn pa di was baing kwaad, en ek het amper sla gekry, was dit ni dat ek so groot was ni. Sels myn ma sy was oek baing kwaad, en feral toen hulle di plek siin waar ou W. my geskiit het; mar toen ek di wa'ens afpak, en hulle di leeu en allerhande wilds felle siin, was hulle weer getroos. En ek het tot fan dag nog ni spyt daarfan ni.

C. H. LOOTS, J.seun.

Daggafontein, Britstown.

*(Deur Mnr. J. P. v. d. Walt, Vorstersdam, Petrusville).*

## HOE DI SKULPAAIE IN DI WATER GEKOM HET.

**N** SKULPAT loop eendag neffens di Oranji-Riviir, toen siin hy an di o'erkant fan di riviir, lekker groen gras; mar hy weet toen ni hoe hy daar sal kom ni. Toen hy so 'n ruk geloop en planne gemaak het, toen kom daar 2 kraaije by hom. Hulle vra hom toen hoe lyk dit of hy so diip in gedagte loop. Toen sê hy fer hulle, hy loop 'n planne maak om deur di riviir te gaan, om di lekker groen gras te gaan eet; mar hy weet net ni hoe hy daar sal kom ni. Di kraaije was toen oek net baing goddiinstig fer oom skulpat. Hulle sê fer hom, hulle sal elkeene weerskante an 'n stok hou, dan moet hy in di middel van di stok styf fas byt, dan sal hulle met hom o'er di riviir fliig; mar dan moet hy volstrek ni syn bek oop maak ni om te praat as di visse miskiin fer hom lag of spot ni. Dit was toen goed. Hulle maak toen so. Di 2 kraaije fat elkeen weerskante an di stok, en oom skulpat byt met

alle erns in di middel fan di stok fas. Mar net toen di kraaije mooi reg o'er di water fliig met oom skulpat, toen skré 'n fis uit di water "Hoera! oom skulpat fliig oek vandag." Mar kyk oom skulpat word toen kwaad en wou skré: "dit traak julle mos ni," maar net met di eerste woord wat hy sê, glipsyn bek los van di stok, toen fal hy dat hy so klap in di water! daarfandaan is daar Skulpaaie in di water.

## GEBEURTENIS MET 4 O'UE DIRE WAT AL ONBEKWAAAM WAS OM MEER TE WERK.

'n Man het eendag 'n o'u esel gehad wat hy niks meer mé kon maak ni, toen wil hy hom mar dood maak om syn fel te looi; mar di ou esel syn vrinde het dit fer hom fertel. Toen vlug di ou esel. Toen hy so 'n ent geloop het, toen kom hy by 'n ou hond. Hy fra toen fer di ou hond waarvandaan hy kom en waar hy heen gaat. Di hond sê fer di esel: "ek was al te oud gewees om myn werk goed te doen, toen het ek gehoor by één fan myn maters, dat myn ou baas my wou doodslaan, toen het ek gevlug fan hom af." Toen sê di esel fer di hond: "Nou ja dan is ons twe net twe goeie maats, want ons het fer één ding gevlug." Hulle twe het ni fêr saam geloop ni of hulle kom by 'n baing ou kat. Hulle fra toen fer di kat fanwaar hy kom en waar hy heen gaat. Toen sê di kat: "Ek was al te oud om meer muise te fang, toen fertel een fan myn maats fer my dat myn ou baas fer hom gesê het dat hy fer myn wil doodslaan. Toen het ek geflug fan myn ou baas." Toen sê di ander twe dire (di esel en di hond): "Dan moet jy saam met ons gaan, want ons het fer diselfde ding geflug." Dit was toen goed; di ou kat stem toen in. Toen hulle dri so 'n ent geloop het, toen kom hulle by 'n baing ou hoenderhaan. Hulle fra toen fer hom waarvandaan hy kom en waar hy heengaet. Toen sê di ou haan: "Ek was al onbekwaam om myn werk goed te doen omdat ek so oud is; toen het ek eendag by een fan myn maats gehoor dat myn ou baas my wou op hok sit en slag wanneer ek fet is; toen het ek fan hom af geflug." Toen sê di ander dri dire fer hom dat hy saam met hulle moet gaan, want hulle het fer diselfde ding geflug." Dit was toen goed, en hulle fir gaan toen saam, mar toen loop hulle en denk waar hulle di aand sal kos kry. Toen dit donker word kom hulle by 'n plaas net toen di mense sit en eet. Hulle maak toen 'n plan en sê: nou moet di esel onder staan, dan di hond bô op di esel, dan di kat bô op di hond en dan di haan bô op di kat, dan moet hulle gelyk skré, elkeen op syn manier. Hulle skré toen en di mense skrik en hardloop di feld in; met di gedoente hardloop hulle di kers omfêr; hulle (di dire) gaan toen an di tafel sit en eet hulle dik. Toen hulle klaar het, gaan

hulle na hulle gewoonte slaap, di esel staan op di hoek fan di huis, di hond di lê foor di huis, di kat gaan in di kaggel sif, di haan staan op di huis se hoek. Di mense het 'n ruk gewag, toen stuur hulle één om te gaan kyk of di goed al weg is. Toen di kerrel by di deur in kom, toen siin hy di oge fan di kat blink, toen dog hy dit is di snuitsel fan di kers wat nog lewe. Hy trek toen 'n fuurhoutje en steek dit in di kat syn oge, toen krap di kat hom in syn hand, toen hardloop hy di deur uit, mar net toen hy by di deur uitspring toen hap di hond 'n stuk uit syn broek se pyp; di esel op di hoek fan di huis, toen di kerrel by hom ferby kom, toen skop hy di man in di sy; di haan kraai toen. Toen di kerrel by di mense kom, fra hulle fer hom, waarom hy so uit asem gehardloop het? hy sê, toenek wou di kers opsteek, toen sny een my op di hand met 'n mes, toen ek by di deur uitspring toenskeur één 'n stuk uit myn broekpyp, toen ek di draai maak by di huis syn hoek, toen slaat één my met altwé syn fuiste in myn sy, toen skre 'n ander één "slaan di fabont dood."

#### WOLF DEUR JAKHALS GEFOP.

Di Leeu (di koning van di dire) was eendag baing siik gewees, amper so dat hy moes dood gaan. Toen kom al di dire om raad en planne te gé fer hulle Koning, dat hy weer kan gesond worde; mar Jakki was opsent gewees. Toen staan Wolf hom (Jakki) en sleg maak by di Koning. Hy sê fer di Koning dat dit somar van minagting is wat Jakki oek ni naar di Koning toe gekom het om hom raad te gé ni. Mar so 'n ruk daarna kom Jakki in, en sê dat dit somar alles leuns is wat Wolf fer di Koning fertel het, dat dit somar van minagting is wat hy weggebly het. Hy sê toen hy was al di tyd by di dokters rond gewees om planne van hulle te hoor fer so 'n pyn as di wat di Koning het, en hy het 'n raad-gekry, en di raad is dat di Koning moet 'n warm wolwe fél fat en dit om di pynplek draai, mar dit moet ni 'n ou fél wees ni, dit moet 'n fel wees wat net afgeslag is. Toen laat di Koning di ander dire wolf pak en hom keel afsny (onder syn keel bloed laat) en hulle draai toen di fel om di pynplek. Dit is 'n mooi stori, en wys dat ons ni di een di ander moet beny ni.

Di Afrikaanse Almanak ver 1897 is te kry, en glo my van deuse jaar is hy belangrik. Di hele brand-siikte wet van 1894; di kos alleen al 1s. 6j. Dan is daar 'n gidé (of "Directory") van sowat al di dorpe en distrikte in Suid Afrika, waar hulle lê, hoe hoog, opbrengste, bevolking, ens. En 'n menigte ander nuttige dinge en dit alles net ver 1s.

## Di Onderskyd tussen Begin en Ynde.

### I. DI FERLIIFRAAK FAN DANI EN KATO.

**I**N ons distrik bly 'n beroemde boer dit is Mnr. Piet Eloff. Hy het net een dogter en een seun. Di dogter is nou omtrent 15 jaar oud, 'n pragtige "leli-blom"

Een dag kom hy ook na ons dorp toe, en bring fer haar saam. En op di stoep bly 'n winklerki, namelijk Dani de Wet. Toen hulle makkaar ontmoet di dagsê Dani: u is mnr. Eloff?—"Ja en u mnr. de Wet?"—"Ja; Oom is seker Piet Eloff?"—"Ja, dit is ek."

So maak hul toen kennis met makkaar. Dani de Wet wil ook mar graag met hom frinde maak, want hy het 'n mooi dogter, wat Dani so fan fêr af gesiin het, 'n wat fer hom toen so mar dood gegooi het. Syn kop is net gedurig fol van Eloff.

Hy kry toen somar 'n plan om haar di aand te besoek. Hy wag ook net tot 8 unr di aand en maak di winkel toe; want syn gemoed dryf hom so. Hy kan ni rus ni, hy moet gaan.

Hy gaan toen, en kom foor di deur en klop: "Tok, tok, tok," Oom Piet gaan maak toen di deur oop. "O! dis jy, Dani. Ek is bly, daar dit di eerste maal is dat ek hiir kom om al 'n besoek fan jou te kry." "Ja, oom, ek besoek graag 'n freemdelling."

Toen kry di ou so lekker, en seg toen: "Kom in, en gaan mar hiir foor in." Hulle sit toen so 'n bitjl en praat, hierfan en oerals fan; en hier kom di nôies ook. Di een was Miss Delie Bosch, 'n ou maat fan Kato. Delie di kom toen foor en met 'n "Naant, Delie" "Naant, Dani," ontmoet hulle makkaar.

Kato bly 'n rukki agter in di gang, om di feertjes wat ferkeerd sit reg te schud. Toen sy in kom seg Delie: "Dis Miss Eloff, en dis Mnr. de Wet."

"Wel, Miss Eloff, hoe gaan dit met jou?"—"Fra Dani, so op syn stadige en besliste manier. "Né goed, danki, Mnr. de Wet. Hoe faar u?"—"Ook so, danki. Ons het nou 'n paar lekker dage gehad."—"Seg Dani. "Ja," seg altwé di nôies gelyk, waarom Dani so byna bars fan di lag.

So het hulle toen di aand lekker deurgebring en baja musiek gespeel. Toen hul di aand moes uitmakkaar, was Dani smoor ferliif op haar, en sy was ook ni fer daarfandaan ni. Toen hul di aand uitmakkaar gaan, staan Dani op en sê: "Dis nou al di burgerlike uur; dit word tyd fer my om te loop, goei naant, Miss Eloff. Naant Mnr. de Wet. Naant, Delie."—"Naant, Dani." Hy loop toen di deur uit.

Toen Dani di aan by syn maat kom, seg hy: "Myn maat! Ek het fenaant myn hart en siil an 'n

mysi gegé, en dit lyk fer my sy ook. Jong, mar dis 'n rêrige mooi nôi."

So het Dani di hele aand met syn maat gepraat. Hulle het toen Sondag aand net so lekker deur gebring, Dani het di dag baja kennis met haar ge-  
maak, want hy wou haar Sondag aand kerk toe bring. Di aand vra hy haar toen en sy was mar ook bly om di vraag, en sê ook ja. Hul gaan toen saam kerk toe, en weer huis toe, en sky di aand met 'n kus. Maandag foor son-op ry di ou oom ook uit. Nou sal ons siin wat hy met Woensdag se Pos gedoen het.

DEELHEBBER.

Oom Jan en ek.

OM Jan en ek het 'n grap gehad voor omtrent 3 maandē gefêde, op di plaas van myn skoonvader. Di ou oom Jan kom uit di distrik van Molteno hiir in ons land, op di Koperberg. Hy het in syn land net van bédel gelewe. Hy hoor toen dat di mense hiir lewe sonder om te werk en toen het hy somar haastig hiir na toe getrek. Hy begin toen somar te bédel dat dit dreun. Hy was al 'n paar keer hiir rond om te bédel. Wel, ek kom toen hiir en di mense fertel toen ver my van di ou bédelaar. Ek sê toen: Wag, ek sal fer hom reg maak laat hy mar weer hiir kom, di ou luiaard, dan sal hy syn druiwe tegekome.

Onverwags kom di ou een morre hiir angestap, so bewe bewe; want julle meet weet hy het 7 sole onder syn voete, en di oorlog was ook agter hom, toen kom hy regtig bédel.

Hy kom by ons en sê: "Morre neef Jan."—"Morre, Oom Willie."—"Hoe gaan dit, neef Jan?" "Di oorlog is kant-en-klaar; Di oorlog is kant-en-klaar." Hy is tog so bang as hy net van di oorlog hoor praat, mar di gevaar weet hy nog ni; van di sal hy agtermiddag eers gewaar.

Kortkort sê hy mar;—"Oorlog is kant-en-klaar." Di agtermiddag sê hy ver syn seun: "Ons moet loop; di kaffers sal ons vanaand doodskiiit."—En toen hy nog in di huis sit praat van di oorlog, het ek en myn swager, Jan Heideman, 'n paar skôte loskruit gelaai. Toen di ou loop, hardloop ons in di bosse langs, en ons kom hom omtrent 300 tré by, en ons trek di skote af, toen buk di ou en syn seun so stadig weg, want hulle is lui; en ons hardloop weer nader, omtrent 10 tré, en ek trek di skoot af. Mar soe! hulle druk net hulle hoede vas, en loop soos 2 hengste in di pad. Nou moet julle weet, hy het di dag 'n kantiin gebedel, mar hy gooi di kantiin weg laat dit rol.

Hy was later al weer hiir, mar hy is ver my di duiwel in, mar ek het ver hom uitgelag.

KORT JAN

'n Nuwerwetse Spook.

Jan Uitkyk is ni befrees  
Fer gen duiwel, spook of gees.  
Dit het hy al menig keer  
My ferseker op syn eer.  
Ja, as hy ooit een mog siin  
Skiit hy hom nog dood miskiin.  
Een keer gaan hy uit di stad  
Sawons kuier langs di pad.  
Gants alleen en ongestoord  
Stap hy in di donker foort.  
Net mar slegs di wind wat blaas  
Anders hoor hy gen geraas.  
En al ferder fan di stad  
Word dit stiller op syn pad.  
Jan di merk nou hoe di lug  
Dik met wolke word bevrug.  
Net toan eers di donder brom  
Skrik hy op en sê toen: "Kom,  
Dit word tyd fer my om weer  
Na di stad terug te keer."  
So geseg en so gedaan,  
Jan fat di terugtog aan.  
Langs di Kerkhof loop di weg  
Altyd nes 'n lyn so reg.  
En ofskoon hy niks gen frees  
Foel fer duiwel, spook, of gees,  
Tog fersigtig en sekuur  
Loop hy fêr weg fan di muur,  
Want 'n mens di weet tog niit  
Wat daar soms al kan geskiit.  
Hoor! Wat is dit fer geluid,  
Nes een in di Kerkhof fluit?  
Jan kyk nou 'n slaggi om  
Of hy ni iits an siin kom.  
Kyk! wat blink daar so fan fêr,  
Amper nes di awondster?  
Mar dit leef en slinger moes  
Nes 'n ding wat weg wil koes.  
Né di ding is ni reg hiir!  
Dis gen mens, en oek gen diir.  
Kyk, dit kom al digte by  
Nou 's dit tyd om uit te gly.  
Met di hoed fas op syn kop  
Slaan Jan foorwaarts in galop,  
Loop dat hom di broekpyp skeur,  
Sonder omkyk, een streek deur.  
Ag, wat fal di pad tog lang!  
Jan word nou te danig bang.  
Nou en dan loer hy opsy,  
Mar dit kom al nader by.  
Kni en béne doen al seer;  
Arme Jan! hy kan ni meer.  
Hoor tog, hoe hy hyg en blaas,  
Harder as di wind kan raas.  
En tot owermaat fan straf  
Waal syn nuwe hoed nog af.  
Laat mar waaie! denk Neef Jan,

As ek mar ontflugte kan.  
 Nog 'n slag loer hy opsy,  
 Ag, di ding is nou digby,  
 Lang en smal, wel tiin foet hoog,  
 Foor syn bors 'n groot blink oog;  
 Sonder foet, of neus, of mond,  
 Sweef dit somar o'er di grond.  
 Ider sprong wat Jan nou doet  
 Is feul meer as séwe foet.  
 "Help tog, help tog net di keer!"  
 Gil hy uit, "ek kan ni meer.  
 Ek is nat al fan di sweet;  
 Net nou het di spook my beet!"  
 Hoor! daar klink met skrillem stem  
 Weer di fluit kort agter hem.  
 Jan kyk nou ni langer om.  
 Oge ope, mond ferstom,  
 Gôï hy nou met kop en poot  
 Sig in wanhoop in di sloot,  
 Wat daar heen loop langs di pad,  
 Dat di modder om hom spat.  
 En di spook, of wat dit sy,  
 Sweef toen nes 'n blits ferby.  
 Fêr nog in di duistre nag  
 Klink mar net 'n skaterlag.  
 Jan leg flou en amper dood  
 Tot hy bykom in di sloot,  
 Toen hy fuil en afgemat  
 Weer terug gaan na di stad.  
 Jan het ni, dit weet ek wel,  
 Gou di stori gaan fertel;  
 Want hy het toen wel geweet,  
 Dit was 'n welosipeet,  
 Mar gen duiwel gees of spook,  
 Wat syn bloed so het laat kook.

J. D. B.

Oudtshoorn.

## Grappige en Leersame Ferhale.

### WAT IS 'N MASIIN.

OM PIIT, mar watter ding is tog di masiin, wat di Engelse so baing fan praat?" fra klyn Gert—"n jong kereltji, wat ni fan feul meer weet as fan skape, pèrre en beeste ni, en seker ok, toen hy syn klein vraboeki geken het, fer hom ferbeel het dat hy nou heeltemal 'n folleerde man is, en molik nooit iits anders as syn bybel gelees het ni—an syn oom Piit Uys, 'n ou Transvaalse boer, wat algemeen beroem was fer syn grappe en storiis.  
 "Wat! 'n masiin?"—roep ou Piit. "Weet jy nou nog ni eens wat 'n masiin is ni?"  
 "Nê, oom. Hoe sal ek dit weet, as ek nog nooit di ding gesiin het ni?"

"Nou wag! dan sal ek jou fertel wat dit is, as jy dit ni weet ni, want myn fader het self een gehad. Dis 'n baing wonderlike ding, dit kan ek jou sê; mar net so snaaks as hy is, so nuttig is hy ok. Ons het nooit nodig gehad om skaap te skeer ni; want di masiin fan myn pa, was so gewees: ons ja'e mar net di skape eenkant in, en by di ander kant kom hille kaal geskeer uit; en so glad of jy hille geskawe het. En reg fan bo het hy 'n gat gehad; mar ek sê fer jou, man! as ons di skape in ja'e, dan fliig di broeke, batjiis, hemde, hoede, jasse, onderbatjiis, en net al wat jy wil hê, kant en klaar daar uit, met knope angenaai en als: feul finninger as wat jy kan tel."

"Mar oom, waar kom di knope dan fandaan."

"Jou bobeejaan! siin jy ni di miskluite wat altyd an di skape syn sterte hang ni? Daarfan kom di knope."

### "BOETI, BOETI! HIIR'S OU VOS!"

Oom Piit Vos het op ons dorp 'n pragtige mooi erf gehad; fol frugte bome fan al di soorte, behalwe druiwe en groente, in o'erfloed. Nou kan 'n mens begryp, waar so 'n paradysi op 'n droge dorp is, dat daar baing sal wees, wat dit graag sal wil besoek; want di antrekkingskrag fan di mooi lekker frugte, wat jou sommar lat watertand kry, as jy dit siin, is te sterk; en di lus en ferlyding om fan di ferbode boom te eet, is onweerstaanbaar.

Oom Piit het ok al gemerk dat syn lushof tamelik druk besoek word; mar deur wi, kan hy nog ni agter kom ni: want 'n diif is slim, en daar 's ok ni één ni, mar baing, wat ou Adam en Eva se voorbeeld na folg, en hille fan Bokspoot lat ferly.

So was daar ok een ou oom en tante, wat 'n hele kookseltji seuns had, so fan tiin tot agtiin semers en winters oud.

Een Sondag middag het Bokspoot fer hille ok an gelok na oom Piter se tuin toe, en heel gedwê het hille an syn roepstem gehoor gegé, an di voorwaarde, dat hille jongste broertji: Koos, by di hekki moes wag sit, om fer hille kennis te gé as di baas fan di lusoord miskiin opdaag; opdat hy hille ni onferwags kan o'ersal ni; mar dat hille nog kans kan hê om ongemerkt te ontflug. Dit het fer Kosi egter gou ferfeel om so te sit en rondkyk, soos 'n bobeejaan, en so begin hy mos te speul in di sand, totdat hy deur 'n "ekm!" dig by hom, weer an syn plig herinner word. Lam fan di skrik, fliig hy op, spring di tuin in en skré, so hard as hy kan: "Boeti, boeti! Hiir's ou Vos!" Mar dis waar! toen kan jy siin spaander, uit di bome uit, na di hekki toe: want di muur was te hoog om o'er te kom. Mar kyk nê! so een fer een wat uit kom, di kruip so in di straat op, soos "ou Vos" hille met di agtersambok merk. Net fer Kosi het hy gespaar, en fer hom gesé: "Kyk jongi! om jy nou jou boetiis in di hande gebring het, kan jy

nou in di tuin gaan, en frugte eet, so feul as jy wil : en jy kan dit ok al da'e doen ; mar dan moet jy daarvoor myn tuin oppas, en kyk, as hiir ander mense in kom, dat jy kan fer my kom sê."

Mar dat di ander spul fer Koos kwaad was : dit kan jy glo.

En hy het dit ok bitter moes ontgelde : want hille het hom gekarnuffel, dat dit ni maklik was ni.

M. H. NESER.

**Nuwjaarsgifte fer di Gedenkskool.**

Tot hiirtoe, namens di Komité met dank ontfang fan :

|                     |            |                      |     |    |    |    |
|---------------------|------------|----------------------|-----|----|----|----|
| H. C. v. Rooy       | en famili, | Steynsburg,          | ... | £1 | 0  | 0  |
| H. P. C. Jooste,    | do.        | Beaufort West        | ... | 0  | 12 | 6  |
| F. C. de Wit,       | do.        | Lady Grey, Robt      | ... | 0  | 5  | 0  |
| E. J. Maritz,       | do.        | Sutherland,          | ... | 0  | 6  | 3  |
| D. W. du Plooy,     | do.        | Hope Town,           | ... | 0  | 11 | 0  |
| A. N. Schreuder,    | do.        | Van Rhynsdorp,       | ... | 0  | 4  | 0  |
| C. J. Wagenaar,     | do.        | Jamestown,           | ... | 0  | 2  | 0  |
| F. H. Conradie,     | do.        | Montagu, ...         | ... | 0  | 5  | 0  |
| J. C. de Klerk,     | do.        | Barkly West,         | ... | 0  | 8  | 9  |
| J. J. Roux,         | do.        | "                    | ... | 0  | 5  | 6  |
| M. P. Bezuidenhout, | do.        | Pauwpan, ...         | ... | 2  | 5  | 3  |
| J. J. Uys,          | do.        | Bethel,...           | ... | 0  | 10 | 0  |
| S. O. Vermeulen,    | do.        | Hope Town,           | ... | 1  | 2  | 9  |
| J. D. du Plessis,   | do.        | Petrusville,...      | ... | 0  | 7  | 0  |
| H. S. Bosman,       | do.        | Beaufort West,       | ... | 0  | 17 | 6  |
| G. J. Smith,        | do.        | Clanwilliam,         | ... | 0  | 8  | 6  |
| J. J. G. Loots,     | do.        | Britstown, ...       | ... | 1  | 6  | 0  |
| Gert Kotzé, sr.,    | do.        | Vryburg, ...         | ... | 0  | 17 | 0  |
| J. J. Vosloo,       | do.        | Witmos, ...          | ... | 0  | 7  | 0  |
| J. H. Lubbe,        | do.        | Jamestown,...        | ... | 0  | 17 | 9  |
| O. J. v. Heerden,   | do.        | Dordrecht, ...       | ... | 0  | 8  | 0  |
| J. J. P. Smit,      | do.        | Ermelo, ...          | ... | 0  | 13 | 0  |
| M. J. Lombaard,     | do.        | Grahams Town,        | ... | 0  | 7  | 6  |
| J. H. Verster,      | do.        | Rhodes,...           | ... | 0  | 14 | 0  |
| C. du Plessis,      | do.        | Clanwilliam ...      | ... | 0  | 5  | 10 |
| J. Nieuwoud,        | do.        | Clanwilliam ...      | ... | 0  | 9  | 0  |
| P. J. v. Vuuren,    | do.        | Strydenburg ...      | ... | 0  | 6  | 9  |
| Mej. J. J. Swarts,  | do.        | Murraysburg...       | ... | 0  | 13 | 0  |
| P. J. J. Pienaar,   | do.        | Aberdeen, ...        | ... | 1  | 7  | 0  |
| J. P. van Eeden,    | do.        | Swellendam, ...      | ... | 0  | 5  | 0  |
| F. M. Steyn,        | do.        | Aliwal Noord         | ... | 1  | 3  | 9  |
| J. Gerrits,         | do.        | Strydenburg,...      | ... | 0  | 5  | 6  |
| C. H. Kruger,       | do.        | Dordrecht, ...       | ... | 0  | 9  | 3  |
| J. H. Botha,        | do.        | Somerset Oost,       | ... | 0  | 11 | 0  |
| P. J. W. Human,     | do.        | Britstown, ...       | ... | 0  | 10 | 0  |
| W. J. Maritz,       | do.        | Griqua Town          | ... | 0  | 13 | 6  |
| J. A. Bosman & Co,  | do.        | Stellenbosch ...     | ... | 2  | 0  | 0  |
| J. P. Bezuidenhout, | do.        | Pauwpan 'n frye gift | ... | 1  | 8  | 9  |

**Di Afrikaanse Taal.**

Ek is 'n arme boerenoi,  
By vele min geag ;  
Mar tog is ek van edel bloed,  
En van 'n hoog geslag.  
Uit Holland het myn pa gekom,  
Na sonnig Afrika ;  
Uit Frankryk, waar di druiftros swel,  
Myn liwe mooie ma.

Hull' skel my uit ver Hotnots myd ;  
Mar ek gé daar ni om ;  
Want an myn lippiis kan jy siin,  
Van wat geslag ek kom.  
Soet vloei di woordjiis nit myn mond ;  
Dit het ek van myn ma ;  
Mar as ek bid dan hoor jy wel,  
Ek is 'n kind van pa.

Myn sussi, wat uit Hollanl kom,  
'Di hou vernit haar groot ;  
Di lug is al te skerp ver haar ;  
Sy is al amper dood,  
Di dokters kom nou bymakaar,  
Hull' maak te saam 'n "Bond ;"  
Mar tog met al di doktery  
Word sy nooit weer gesond.

Myn niggi met haar stywe nek,  
Di loop in rooi satyn ;  
En baing jonkmans loop haar na ;  
Sy denk hiir baas te syn.  
Mar as di awentuurtji kom.  
Dan is di klomp by my.  
Dis "hartji" voor en "hartji" na :  
"Laat ons 'n bitji vry."

As ek mar eers myn vryer het.  
'n Digter vol van moed ;  
Een, wat my om myself bemin,  
En ni mar om myn goed ;  
Wanneer di vryer tot my kom  
Vat ek hom by di hand,  
En maak ek hom, hoe swak ekskyn,  
Nog koning in di land.

Want ek het onder in myn kis  
'n Ware towerstaf,  
Wat ek nog van myn ouma het,  
En nimand weet daar af.  
Hef ek di staf op, "Moedertaal,"  
Dan volg di land my na ;  
En ek is net nou koningin  
Van heel Suid-Afrika.

NEEF JAN.

(Ver musik hiir op | hyk anderkant.)



## Di Afrikaanse Taal.

*Allegro moderato.*

Ek is 'n arme boerenoi, By vele min geag; Mar

The first system of music features a vocal line in the upper staff and a piano accompaniment in the lower two staves. The key signature is one sharp (F#) and the time signature is 4/4. The vocal line begins with a treble clef and a key signature of one sharp. The piano accompaniment starts with a bass clef and a key signature of one sharp. The lyrics are written below the vocal line.

tog is ek van edel bloed, en van 'n hoog geslag. Uit

The second system continues the musical piece. The vocal line and piano accompaniment are shown. The lyrics are written below the vocal line. The piano accompaniment includes some dynamic markings like 'f' and 'p'.

Holland het myn pa gekom, na sonnig Afrika; Uit

The third system of music shows the vocal line and piano accompaniment. The lyrics are written below the vocal line. The piano accompaniment features more complex rhythmic patterns.


Frankryk waar di druiftrou swel, myn liwe mooie ma.

The fourth and final system of music on this page. It includes the vocal line and piano accompaniment. The lyrics are written below the vocal line. The piano accompaniment concludes with a final cadence.

# RIJTUIGEN

TE KOOP BIJ

**G. MALHERBE & CO.,**  
PASTORIE LAAN, PAARL.



Goed droog hout gewaarborgd.

CATALOGUSSEN TE BEKOMEN OP AANVRAAG.

## TUIGEN.

HET geëerd publiek geliefte kennis te nemen, dat ik nog zooals voorheen bereid ben

Tuigen van eenig soort Leder, netjes, goed, en tegen billijke prijzen uit te voeren. Eene proefneming zal de waarheid hiervan bevestigen.

**M. D. GOBREGTS, Noorder Paarl.**

## DE \* VILLIERS \* & \* CO.,

"Spec Bona Huis,"

PAARL, MODEMAAKSTERS, ENZ.,

DRESSEN EN MANTLES naar de nieuwste Mode Netjes en Eerste klas gemaakt.

HOEDJES EN HOEDEN met smaak opgemaakt.

BRUIDS EN ROUW DRESSEN onverbeterlijk.

N.B.—Goed werk gewaarborgd.

Vraag om Monsters en Mant vormen, maar vergeet toch niet "Spec Bona Huis" bij het adres te plaatsen. Telegrafisch Adres:—"ACORN"

# De Afrikaanse Almanak ver 1897.

IS KANT EN KLAAR.

Dit prijs is 1s. doch dit is taalkoop in aanmerking nemende di groote hoeveelheid belangrijke informasie wat 'n mens krijt:—

Lees di vollende opsomming van wat daar in voorkom. 'N Mens vind er in di gewone kalender, met tekste en voornamste gebeurtenisse; 'Tuin en Bloemtuin kalender; Informatie omtrent vreemde geld, mate, gewigte, afstande, ens.; di volledige brand siiktewet van 1894, waarvoor 'n mens apart 1s. 6d. moet betaal; brandsiikte inspekteurs, diptijd, dipdepote, ens.; di konstitusie van di Kaap Koloni, met informasie omtrent betaling en jurisdie, getuige ens.; 'n beknopte "Directory" van dorpe en distrikte in Suid Afrika; di gepasseerde parlaments wette in 1896; opgawe uit di begroting, sodat 'n mens kan sien hoe in publike geld; woud uitgegê di bevolking van Suid Afrika, aantal geregistreeerde kisers ver elke afdeling, ens.; Burgerlike opawe; Kerkelike opawe van di verskillende Hollandse Kerkgeuotskappe.

Naamlijs van diakens en ouderlings met opgawe omtrent sile, lede, gedoopte, Ens. Ens! Ens!! Ens!!! En eindelijk het "Almanak Ses prente as volg:—

1. Kaapstad van Leusderk gesien.
2. Di Grote Kerk in di Kaapstad; di preekstoel daarin; di Lutherse Kerk, n deel van Adderley Straat, ens.
3. Port Elizabeth van di laar ingshoof gesien.
4. Oost Londen met 'n deel van Buffels rivier.
5. President Steyn.
6. Di Slagtersnek monument vollens tekening deur mnr. Vixeboxe.

Dit alles ver net mar 1s. per pos.

Dis haas onbegrypelijk en tog is dit so.

Orders onder 'l dosyn moet KONTANT wees. Ver geen dosyn gé ons 1s. 3d. kommissie af, sodat imand mar 10s. 9d., stuur var 13 exemplare. Ons gé 'n Kommissie an Agente soos volg:—Op bestelling van 12 tot 24, 15 per cent Kommissie en op bestellings van 25 en meer 20 per cent. Kommissie soos volg:—

|                               | Of Kontant | Kommissie af |
|-------------------------------|------------|--------------|
|                               | £          | Rs.          |
| Op 18 Alm. 2s. 6d., Kommissie | £          | Rs.          |
| " 25 " 5s.                    | 5 0        | 0 9 6        |
| " 36 " 7s.                    | 8 0        | 1 8 0        |
| " 50 " 10s.                   | 13 0       | 1 18 0       |
| " 75 " 15s.                   | 18 0       | 2 2 0        |
| " 100 " 20s.                  | 1 5 0      | 3 15 0       |
| " 125 " 25s.                  | 1 11 0     | 4 13 6       |
| " 150 " 32s. 6d.              | 1 17 6     | 5 2 6        |

N.B.—Alle orders op KREDIET moet stellig voor 31 Jannewari 1897 met ons vereffen worde. Ons hou ons ni verantwoordelik om bestelde Almanakke weer terug te neem ni. Kontant Orders word in elk geval di eerste uitgevoer.

**D. F. du Toit & Co., Beperkt, Paarl.**



**LLOYD CO.,**  
**40 BURGSTR. KAAPSTAD,**

Infoerders fan Verbeterde Landbou Gereedschap en Masineri.

DI ENIGSTE SUID AFRIKAANSE AGENTE VOOR:

Olivier Harde Staal Ploeg Co.'s Wereld Beroemde Ploeg  
 Deering Pony Selfbinders en Maaiers met Draadrollen Draggers.  
 Lloyds' Aermotor Windmeule en Pompe.  
 Di Planet Jr. Wingerd Ploeg en Cultivators.  
 Lloyds' Crown Brand Fynste en Beste Blom fan Swawel, bewese  
 deur di Regerings Ontleedkundige di beste Swawel te wees  
 wat ooit in Suid Afrika verkoop is. Kyk rapport in di "Land-  
 bou Journaal" fan 6 Dec. 1894.  
 Di Reus Cultivator en Graan Saaier.  
 Garrett & Sons' Dorsmasiins, ens., ens.

**INFOERDERS FAN:**

Baal Presse, Foer Masiins fer Hand- en Stoomkrag.  
 Wypompe en Sproeipompe om Insekte dood te maak.  
 Gebuige Spring Band en Lever Egge, Land Rollers.  
 Wan (Koorn) Meule, Slopsteene, Saad Saaiers.  
 Roomafskyders, Karns en Botter Werkers.  
 Aardappel Uithalers, Aardappel Planters, Saaimasiins.  
 Omheinings Draad, Netdraad, Omheinings Pale.  
 Grawe, Skoffels, Mis- en Hooi Furke.  
 Gegalfaniseerde Netdraad fan Spesiale Kwalityt.  
 Singers Naai Masiins. Koper en Yster Ledekante.  
 Amerikaanse Rytuige, Buggies, Karre en Spiders, ens., ens.

**LLOYDS & CO.,**

**40 BURGSTRAAT,**

**(TEENOE'R DI BRANWEER STASI)**

**KAAPSTAD.**

